

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 385 • Oktober 2025

NICÉA



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Hervormingsuitgawe: Nicéa 1 700

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

'n Triomferende Christus of 'n ontmande Christus? 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Prof. HCG Robbertze

Jesus word uitermate verhoog 4

HOOFARTIKEL

Dr. Victor D'Assonville

Nicéa 325: 'n Historiese agtergrond 6

ARTIKELS

Prof. Alwyn Swanepoel

Vier Nicéa saam met die Kerk van die eeue 10

Ds. Willem van Schalkwyk

Nicéa en die twee nature van Christus 12

Prof. Henk Stoker

Nicéa: 'n Nuwe leer oor God of die ware leer teenoor dwaalleer?

'n Antwoord op die Jehovasgetuies 14

Hannes Noëth

Paul Kruger (1825-1904) 18

Ds. Johan Schütte

Een, heilig, algemeen en apostolies 20

Ds. Adriaan Bester

"Ek bely een doop tot vergifnis van sondes" 23

Ds. Arno Nieuwhof

Filoque: 'n Nagedagte of kernsaak? 24

Ds. Aubrey Hough

Nicéa en "Stille Nag" 26

AKTUEEL

Smeltoond: Bloedsaad 9

Bestek: Bybelkenniseksamen 16

Gemeentenuus 30

IN DIE SPORE VAN GISTER

Dr. Pieter Mulder

Die Erasmus-kommissie en 'n politieke staatsgreep 36

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Pieta Oosthuizen

Oor geloofsbelydenis en belydenisskrifte 39

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

**Wat leer die Bybel
oor die hiernamaals?
Hoe moet ons dink oor
die hemel en die hel?**

VOORBLAD:

Die onderwater ruïnes van die
Basiliek Kerk van Nicéa waar
die kerkvergadering in 325
plaasgevind het, is in 2014 in die
meer by Iznik in Turkye ontdek.

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,
EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie
noodwendig met alle uitsprake of
menings hierin opgeneem nie.*

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,
Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:


BusinessPrint

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt
Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegee deur:


Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



'n Triomferende Christus of 'n ontmande Christus?

Ds. Schalk Strauss

Wanneer ons oor “reformasie” nadink, is 31 Oktober 1517 gewoonlik ons afsnypunt. Tog was reformasie nog altyd deel van die kerk se DNS. Die briewe van die apostels wys duidelik dat dwaalleer van die begin af een van die kerk en die evangelie se grootste bedreigings was. Paulus waarsku immers teen die “wrede wolwe” wat verkeerde dinge sal spreek om “die dissipels weg te trek agter hulle aan” (Hand. 20:29-30). Die kerk word die stryd tussen lig en duisternis nie gespaar nie en daarom is die kerkgeskiedenis deurspek met voortdurende stryd om behoud van die waarheid.

Nicéa 325

Vanjaar herdenk ons 'n belangrike baken in die kerk se hervormingsgeskiedenis en die stryd om die waarheid – die Konsilie van Nicéa. Tydens hierdie kerkvergadering is die stryd tussen Arius (ouderling van Alexandrië) en Alexander (biskop van Alexandrië) op die spits gedryf (dieptebesprekings later in hierdie uitgawe). Die kern van die stryd was egter die vraag of Jesus Christus waarlik (volledig) en ewig God is. Volgens Arius het Christus nie van ewigheid af bestaan nie, maar is deur die Vader voor alle ander skepsele geskape – die Eerste van alle skepsele. Gevolglik is Christus nie van dieselfde wese as die

Vader nie en is dus nie self God nie. Dit het later ontwikkel tot 'n stryd rondom twee Griekse woorde: ὁμοούσιος (*homoousios*) en ὁμοιούσιος (*homoiousios*). Volgens Eusebius en die Ariane was Christus *soortgelyk* aan die wese van die Vader (*homoiousios*), maar nie volledig *een in wese* met Hom nie (*homoousios*). In antwoord op die dwaalleer van Arius, is die Belydenis van Nicéa se eerste weergawe opgestel waarin die kerk die getuigenis van die Skrif aangaande Jesus Christus soos volg verwoord:

Hy is “God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader; deur wie alle dinge gemaak is”.

Die noodwendige gevolg van hierdie belydenis was dat die kerk haar belydenis oor die wese van God sou verduidelik en bevestig sodat daar ook tydens hierdie vergadering begin is om die Drie-eenheidsleer te formuleer. Die Skrifgetuigenis is bevestig: Daar is net een God, maar Hy bestaan uit drie Persone – Vader, Seun, en Heilige Gees. Uiteindelik sou hierdie gedagtes tydens die Konsilie van Konstantinopel (381) verder uitgebrei word om ook die Godheid van die Gees meer prominent in die Belydenis van Nicéa te beklemtoon. Daarna

sou die kerk vir nog 70 jaar die Skrifte aangaande die Goddelike en menslike natuur van Christus ondersoek sodat die Konsilie van Chalcedon (451) onomwonde kon verklaar dat Jesus Christus waarlik en volledig God én mens was en dat die Heilige Gees van beide die Vader en die Seun uitgaan.

Geen nuwe leer

Daar is natuurlik baie (oningerigte) kritiek teen hierdie kerkvergaderings en besluite. Daar is dié, soos die populêre Boerseun van Migdol (Japie van Zyl), wat aanvoer dat die kerk (m.a.w. mense) tydens hierdie vergaderings “besluit het” dat Jesus Christus God is en “besluit het” dat God Drie-enig is. Die aanname is dat gelowiges voor hierdie kerkvergaderings anders oor Jesus Christus se Godheid en die Drie-eenheid gedink het en dat hierdie vergaderings eintlik 'n bose sameswering was wat Satan gebruik het om 'n valse leer in die kerk in te dra. Hierdie kritiek is ongegrond aangesien dit oneerlik met die kerkgeskiedenis omgaan.

Reeds lank voor enige kerklike formulerings, was die belydenis oor Christus se Goddelike en menslike natuur en die Drie-eenheid algemeen onder gelowiges juis omdat die Skrif duidelik daarvan getuig.

Die ante-Niceense kerkvader, Athenagoras, skryf byvoorbeeld in sy *Pleidooi vir Christene* (ca. 176-177) die volgende:

“Ons erken een God, ewig ... wat die heelal deur sy Logos (Woord) geskep het ... ‘Sy Logos’ erken ons ook as die Seun van God ... die Vader en die Seun is een. En, die Seun is in die Vader en die Vader in die Seun ... Die Heilige Gees self ook ... erken ons as ’n invloed van God wat van Hom voortvloei en na Hom terugkeer ... Wie sou dan nie verbaas wees om te hoor dat mense wat van God die Vader, en van God die Seun, en van die Heilige Gees spreek, en wat beide hulle krag in eenheid én hulle onderskeiding in orde verkondig, ateïste genoem word nie?”

Irenaeus (ca. 125-202) skryf die volgende in sy geskrif, *Against Heresies* (*Teen Ketterye*, boek 3, hfst. 6): “Dus is die Vader Here en die Seun Here; en die Vader is God en die Seun is God; want wat uit God gebore is, is God. En so word daar, in wese en in krag van sy bestaan, één God geopenbaar; en tog bly die onderskeid van die Persone bewaar.”

Tertullianus is nog duideliker in sy *Adversus Praxean* (ca. 206-213, hfst. 2) en sê dat ons in Een God glo “... deur die eenheid van wese; terwyl die verborgenheid van die heilsplan steeds bewaar word, wat die Eenheid verdeel in ’n Drie-eenheid, en die drie Persone – die Vader, die Seun en die Heilige Gees – in hulle orde plaas”.

Wat gevolglik by Nicéa en opeenvolgende kerkvergaderings in belydenisvorm gegiet is, was nie nuwe gedagtes wat die kerk of haar geheime agente uitgedink het nie, maar die oorgelewerde geloof (*regula fidei*) soos deur Christus en sy apostels verkondig en in die Skrif geopenbaar.

Moderne Ariane

Arianisme is nie beperk tot die vierde eeu nie. Dit is springlewendig en gesond. Moderne voorbeelde vind ons by die Israelvisie, Jehovasgetuies, Mormone, ensovoorts, wat die Drie-eenheidsleer verwerp en die Godheid van Christus ontken. In ’n video *Beklee jou met kennis* simpatiseer Japie van Zyl openlik met Arius, verwerp hy die Drie-eenheid en beweer hy dat die Drie-eenheidsleer in die Bybel “invertaal” is.

In ’n tweede video *Daar is 2 x seuns* beweer hy dat die kerk nog altyd ’n verkeerde “Seun” verkondig het. Hy gaan selektief met die Skrif om in ’n poging om sy standpunt dat Christus ’n gewone mens (met foute) was, te regverdig. Volgens Hom is Christus nie God nie, maar werk God bloot deur Hom. Sonder skroom verklaar hy dat hy ’n “ander seun” as die kerk verkondig. Hy is heeltemal reg. Hy verkondig nie net ’n ander Seun as die kerk nie, maar ’n ander Seun as wat die Skrif openbaar. Hy ignoreer Christus se uitsprake dat Hy en die Vader een is (vgl. Joh. 10:30) en laat gerieflikheidshalwe gedeeltes soos Johannes 1 en Hebreërs 1, waarin die Godheid van Christus onomwonde gevestig word, uit sy bespreking. Hy verwerp ook

die Godheid van die Heilige Gees omdat hy oortuig is dat Hy bloot die “asem van Jahwe” is.

Hierby kan ons ook die teologie van die sogenaamde Nuwe Hervormers voeg. Hulle beweer dat Christus nie werklik uit die dood opgestaan het nie en ontken gevolglik sy Goddelike natuur. Die liberale teologie van die 21ste eeu adem ook duidelik die stank van Arianisme. Hulle oorbeklemtoon die menslike natuur van Christus tot so ’n mate dat sy Goddelike natuur heeltemal verdwyn. Uiteindelik sit hulle met ’n “verlosser” wat net meegevoel met jou omstandighede het, maar wat nie verlossing daaruit kan bewerk nie.

Die ontmande of die Triomferende?

Waarom is iets wat 1 700 jaar gelede gebeur het, steeds belangrik? Want dit gaan oor die kern van die evangelie. Dit gaan oor Jesus Christus en sy vermoë om ons Verlosser te wees, al dan nie. As Hy nie tegelyk en volledig God én mens was nie, kan Hy nie ’n Middelaar wees wat vir ons sonde versoening doen nie (vgl. HK v/a 15-17 en die Skrifgetuienis wat daarin vervat is). Sonder hierdie eienskappe is Hy ’n ontmande Christus, gestroop van sy krag en vermoë om die dood en die sonde te oorwin – ’n nuttelose verlosser. Ons bely egter saam met die kerk deur die eeue ’n triomferende Christus, “God uit God ... waaragtige God uit waaragtige God”, wat “vir ons gekruisig is ... op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; en opgevaar het na die hemel; wat sit aan die regterhand van die Vader”. ☺

LERAARS

Beroep ontvang

- Ds. Ben Wiese (Uitenhage/Aberdeen) na Jeffreysbaai.
- Ds. Johan Jacobs (Oudtshoorn) na Brakrivier.
- Ds. Johann Trollip (Kathu) na Majuba.
- Ds. Johan Gericke (Potchefstroom) na Christiana.

Beroep aanvaar

- Prop. Nico Swart na Pretoria-Oos.
- Ds. Ben Wiese (Uitenhage/Aberdeen) na Jeffreysbaai.
- Ds. Johan Jacobs (Oudtshoorn) na Brakrivier.

LIEF EN LEED

Ds. Nico Rautenbach is op 2 September oorlede. Ons bid sy naasbestaandes die troostrike nabyheid van die Here toe.

CVO-SKOOLOWARTALE 2025

Derde kwartaal: 21 Julie – 3 Oktober

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOLOWARTALE 2025

Derde kwartaal: 22 Julie – 3 Oktober

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2025*

10 Oktober	Krugerdag
26 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*

CVO-SKOOLOWARTALE 2026

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart

Tweede kwartaal: 7 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 20 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 5 Oktober – 9 Desember

SKOOLOWARTALE

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart

Tweede kwartaal: 8 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 21 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 6 Oktober – 9 Desember

DIE BOODSKAPPER

Bepaalde verskyningsdatums

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
November 2024	18 September	27 Oktober
Des 2025/Jan 2026	15 Oktober	25 November

Advertensietariewe

Grootte	mm (hoogte x breedte)	Prys
1/16 blad	40 x 90 mm	R230
1/8 blad	65 x 90 mm	R640
1/4 blad	124 x 90 mm	R1 350
1/2 blad	124 x 180 mm	R2 200
Vertikale strook	263 x 119 mm	R2 750
Volblad	263 x 180 mm	R3 650
BINNE-AGTERBLAD		
1/2 blad	148 x 200 mm	R4 880
Volblad	297 x 210 mm	R6 950
AGTERBLAD		
1/2 blad	148 x 200 mm	R4 900
Volblad	297 x 210 mm	R8 400
BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:		
Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media		
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005		
Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.		
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.		

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

**Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.*



Jesus word uitermate verhoog

Prof. HCG Robbertze¹

Skriflesing: Filippense 1:27-2:18 • **Sang:** Psalm 100:1, 3; Gesang 86:1, 6, 7 • **Teksvers:** *Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Filip. 2:9-11).*

Mense staak gereeld omdat hulle groter salarisse wil hê. Die vreugde van 'n blote salarisverhoging weeg egter nie op teen die beloning van 'n salarisverhoging wat met verhoging gepaardgaan nie. Wanneer daar oor Jesus se verhoging gepraat word, beteken dit dat Hy só uitermate deur God die Vader verhoog is, dat die ganse skepping onder sy heerskappy gekom het. Met sy kruisiging en sterwe het Hy in sy aardse lewe die dieptepunt van vernedering bereik.

1. Waarom moet Jesus verhoog word?

Omdat Hy homself verneder het

Om vir 'n hoër pos in aanmerking te kom, kyk werkgewers na kandidate se vorige prestasies. 'n *Curriculum vitae* word voorgelê en die liggaam wat die aanstelling doen, kyk na wat al bereik is. Kandidate meld dus elke moontlike prestasie – die kandidaat moet homself dus

“aanbeveel”. Hy kry die aanstelling omdat hy presteer het en op grond daarvan word hy verhoog.

So anders was dit met Jesus. Hy is verhoog omdat Hy Homself verneder het. Toe Hy sy hoër pos in die hemel vir 'n tyd moes ontruim, was Hy nie opstandig nie. Hy het nie 'n *curriculum vitae* voorgelê om 'n hoër pos op te eis nie. Toe Hy Homself moes verneder en 'n mens word, het Hy nie gekla asof Hy van iets beroof was nie. Hy het sy hemelse pos dadelik ontruim, Homself verneder en die diensknepos op aarde opgeneem. Deur die gewillige aflegging van sy hemelse pos en die onmiddellike aanvaarding van sy aardse pos, het Jesus sy gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader getoon.

Vandag ervaar baie mense die vernedering om 'n hoër pos vir 'n laer pos met laer status te ontruim. Niemand hou daarvan nie. Jesus het dié vernedering in veel groter mate ervaar. God het

egter 'n heerlike doel met sy Seun se pad van vernedering gehad, net soos Hy met ons vernederings ook 'n heerlike doel het. Jesus is uitermate verhoog omdat Hy dié pad gehoorsaam geloop het, tot die dood toe ... (vgl. 2:8).

Omdat God Hom verhoog het

Omdat Jesus gehoorsaam sy pos ontruim het, het God Hom verhoog en aan Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is. God het Hom uit die graf laat opstaan; Hom laat opvaar na die hemel; Hom aan sy regterhand laat sit. Hy het Hom bokant alles in die hemel en op die aarde verhoog. Jesus se gehoorsaamheid laat Hom uiteindelik die hoogste pos in die Goddelike Ryk beklee.

Die “naam” wat Jesus gekry het, dui op die verheerliking wat Hy van sy Vader verkry het. Elke pos in die arbeidsmark kry 'n sekere benaming wat getuig van die senioriteit en status daarvan: “Besturende direkteur” beteken veel meer as “nutsman”. Omdat

Hy gehoorsaam die weg van vernedering geloop het, *het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is* (2:9).

2. Hoe moet Hy verhoog word?

Elke knie moet buig

Jesus het die weg van vernedering gehoorsaam geloop en elke struikelblok op sy pad oorkom. Soveel vyande wou Hom stuit: Mense het sy vernedering nog moeiliker gemaak en Satan het self inisiatief geneem om Hom te vernietig. Nie deur krag of geweld nie, maar deur die Gees van God het Christus elke vyand aan Hom onderwerp en uiteindelik die duiwel self aan die kruis oorwin. Deur sy helse lyding het Hy sy gehoorsaamheid getoon, en uiteindelik geseëvier!

Nou het God Hom bo al hierdie magte verhoog. Nie net sy vyande nie, maar *elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is*, moet voor Hom buig. Ons is so maklik beïndruk deur mense met groot titels. Jesus Christus het die hoogste “titel” van God ontvang. Laat ons in diepe aanbidding die knie voor Hóm buig.

Elke tong moet bely

Die Naam wat Jesus ontvang het, is so 'n groot Naam dat elke tong moet bely dat Hy die Here, die Koning van alle konings is! Bely ons met ons tonge en met ons lewens die hoogheid van ons Here? Is ons lewens 'n belydenis dat Jesus die Here is? Kan mense sien dat Jesus uitermate in ons lewens verhoog word? Ontvang Hy die ereplek in ons huis, in ons volkslewe?

Ook die Boedhisme, die Hindoeïsme, Islam moet voor Jesus, wat Here is, die knie buig. Bely ons regeringsleiers vandag nog met die tong dat Jesus die Here is? Wanneer samesprekings met 'n gesamentlike aanroeping van verskillende gode geskied, word hierdie gode aan Jesus gelykgestel, terwyl hulle die knie voor Hom as Here moet buig!

Elke Christen moet bely dat Jesus, en Hy alleen, die Here is. God het Hom uitermate verhoog sodat ... elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is (2:11).

Tot heerlijkheid van God die Vader

Wanneer elke knie voor Hom buig en elke tong bely dat Hy die Here is, dien dit tot verheerliking van die Vader. God, die Vader, het Jesus uitermate verhoog. Eers as Jesus Christus verhoog word, word die eer van God gedien. Dit help nie ons sê dat ons die eer van God soek, maar ons ken nie die uitermate hoë plek van Jesus Christus in ons lewens en in ons samelewing nie. Deur aan Jesus Christus oral die hoogste plek te gee, dien ons werklik die eer van God.

3. Daarom moet ons ons in die gemeente verneder

Paulus skryf hierdie dinge aan die Filippense om hulle op te wek tot die gesindheid van Jesus Christus. Hy wys hulle daarop dat Jesus uitermate verhoog is omdat Hy bereid was om die weg van gehoorsaamheid te loop: Ware eenheid in die gemeente is net moontlik as die gesindheid van Jesus Christus in lidmate se lewens na vore kom.

In die lig van die bedreigings wat die gemeente in die gesig staar, moet lidmate ywer vir eenheid om sodoende Satan se aanslae effektief te kan afweer. Ook óns moet luister: Onenigheid maak 'n gemeente weerloos teen Satan se aanslae. Om eensgesind te kan wees, moet die gesindheid van Jesus in lidmate se harte heers: *Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was* (2:5).

Nadat Paulus die lewe van gehoorsaamheid van Jesus geskets het, sê hy: *Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het ...* (2:12). Die gehoorsaamheid waarvan hy praat, beteken dat die een die ander hoër as homself sal ag: *Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself ... nie elkeen na sy eie belange ... nie, maar elkeen ook na die ander s'n* (2:3-4).

Wanneer ons bereid is om onself te verneder en die dinge wat God op ons pad bring, te aanvaar, al mag dit nie altyd tot voordeel strek nie, sal God ons ook uitermate verhoog. Weliswaar kan ons nooit die ereplek van Jesus inneem nie, maar ons sal die vreugde smaak van 'n nuutgevonde eenheid wat sy uitwerking in ons lewens sal hê. Hierdie gesindheid sal 'n formidabele mag in die gemeente wees om die aanslae van Satan kragtig te kan weerstaan. As ons onself verneder, sal daar eenheid in die gemeente wees en daardeur sal ons God die Vader vereer! ☺

1. Redaksioneel verkort. Oorspronklik: HCG Robertze, *Op die vleuels van 'n arend* (Pretoria: Lig in Duisternis Uitgewers, 2002), 117-123.

DR. VICTOR E D'ASSONVILLE¹

NICÉA 325

'N HISTORIESE AGTERGROND

'n Skouspel sonder weerga

Die tafereel wat hom daar afgespeel het, moes on vergeetlik gewees het. Volgens oorlewing was daar 318 biskoppe (onlangse navorsing bereken tussen 250 en 300). Hulle was afkomstig uit die verste uithoeke van die Romeinse Ryk, by verre die meeste uit die Griekssprekende Oosterse Ryk. Minder as 'n jaar vantevore het Konstantyn die Grote die Wes- en Oos-Romeinse Ryk herenig.

As alleenheerser oor die hele Ryk, roep hy alle biskoppe na Nicéa (vandag Iznik, Turkye) vir die konsilie op – vervoer en verblyf ingesluit.

Buiten die biskoppe, was daar 'n verdere bykans 1 800 addisionele persone, daaronder assistente en adviseurs. In die kerkgeskiedenis sou dit bekend word as die Eerste Ekumeniese (οἰκουμένη – wêreldwy) Konsilie.

Verminkte sinodegangers

Die kontras met die onlangse verlede kon nouliks groter wees en was duidelik sigbaar. Nie lank vantevore nie het nog die mees brutale en verbete vervolging van Christene sedert die eerste eeu gewoed – in die presiese streek waar die konsilie sou plaasvind. Onder keiser Diocletianus (heers 284-306) word 'n edik (wet) op 23 Februarie 303 uitgereik wat die vernietiging van kerkgeboue, die verbranding van die Heilige

Skrif en kerklike boeke en ook die staatvervolging van Christene amptelik van stapel stuur. Die eerste kerk wat totaal verwoes is, was juis dié van Nicomedia (vandag İzmit), waar die keiser van die Oos-Romeinse Ryk sy somerpaleis gehad het (soos ook Konstantyn in 325), sowat 40 km soos die voël vlieg van Nicéa af. Trouens, die vervolging onder Diocletianus het sulke afmetings aangeneem dat daar van die Diocletianiese Era gepraat word, bekend as die Era van die Martelare (*Aera Martyrum*). Die uitdruklike doel was om die Christendom heeltemal uit te delg. Hierdie vervolging sou gedeeltelik tot 311 en finaal tot 313 voortduur, minder as 'n dekade en 'n half voor Nicéa 325.

Nou, opgeroep deur niemand minder nie as die keiser self, was die littekens van die sware vervolging by sommige van die deelnemers nog sigbaar. Ons weet van Paphnutius van Bo-Thebae (vandag Luxor, Egipte) wie se regteroog ontbreek het, en van Paulus van Neo-Caesarea van wie beide hande vermink was weens marteling met warm folterinstrumente van yster.

'n Vraag van lewe en dood: Martelaarskap as belydenis

Dit is bekend dat die Griekse woord vir getuie, μάρτυς (*martus*), weens die vervolging in daardie eerste eeue die betekenis “martelaar” gekry het. Juis dít mag ons nooit vergeet nie, want by Nicéa kom in 325 geloofwaardige getuies, sommige martelare, bymekaar, weereens om getuienis vir Christus af te lê. Die deurslaggewende saak wat hanteer moes word (benewens ander minder belangrike agendapunte), was die vraag of Christus God is. Vir daárdie getuies was dit 'n vraag van lewe en dood om die Skrifwaarheid van Christus as God te erken en te bely – Hom weens wie hulle vervolgd en baie van hul geloofsbroers en -susters vantevore 'n marteldood gesterf het.

“Elke ketter het sy letter”

Waarom moes hierdie groot “wêreldwye” konsilie (in die sin van die hele Romeinse Ryk) met soveel koste en moeite bymekaarkom? Vir keiser Konstantyn het dit veral oor eenheid in sy ryk gegaan. Dit was baie dringend. Arius (ca. 260 tot kort ná 327) se knaende verspreiding van sy sienings het onrus oor 'n geruime tyd laat

opbou al sedert 318 in Alexandrië, waar hy 'n “presbiter” was ('n leidende amp). Toe al is hy en sy dwaalleer, dat Christus *ondergeskik* is aan die Vader (*subordianisme*) deur biskop Alexander van Alexandrië asook verskillende kerklike vergaderings, afgewys en veroordeel. Nogtans het die stryd weens daardie dwaalleer oor byna die hele Oosterse Ryk uitgebrei en spanning veroorsaak ondanks verskillende pogings, nie net deur biskop Alexander nie, maar ook later deur Konstantyn self (bv. met sy skrywe aan Alexander en Arius en selfs deur die stuur van sy gesant Ossius, biskop van Córdoba, na Egipte en Asië) om eenheid te probeer bewerkstellig. Ook kerklike vergaderings soos sinodes nog tot in 324 wat Arius se sienings as dwaalleer veroordeel het, kon hom nie bedwing en die groot onenigheid stuit nie.

'n Bekende gesegde lui: Elke ketter het sy letter. Enigeen vind vir enigiets wat hy of sy wil glo, iewers 'n teks. Dit moet ons nie verbaas nie. As Satan die Skrif aanhaal om Jesus in die woestyn te probeer verlei, hoekom sou dwaalleraars (oud en modern) hulle nie ook op die Skrif probeer beroep nie? Ook Arius het sy “letter(-s)” in die Skrif gevind ...

Van Salomo tot Arius


Om Arius se dwaalleer te verstaan, kan ons na die veroordeelde uitsprake aan die einde van Nicéa 325 kyk. Daarvolgens

was daar volgens Arius en sy aanhangers 'n tyd toe die Seun (Christus) “nog nie was nie”; die Seun was nie “voor Hy gegenereer is nie”, Hy is dus ondergeskik aan die Vader. Vir hierdie oortuigings kry Arius sý letter, die Skrifteks waarop hy hom onder meer beroep het, in Spreuke 8:22-29. Hy het hierdie Skrifgedeelte omgebuig en in sy sin uitgelê deur die begrip “wysheid” direk net op Christus toe te pas, waarop hy tot die gevolgtrekking gekom het dat Christus wel belangriker as die skepping en alles geskape – waaronder die mens – is, maar nogtans voortgebring is, dat die Seun vóór die (res van die) skepping tot stand gebring is, maar nie van ewigheid af bestaan nie. Arius sê Christus is anders en belangriker as alle skepsels, maar is self ook deur die Vader tot stand gebring. Weliswaar het dit, volgens Arius, vóór die (res van die) skepping geskied. Die Seun is dus so te sê “die eerste wat voortgebring is”.

Hare kloof?

Dit klink vir ons vandag, 1 700 jaar later, miskien 'n bietjie teoreties. Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat hierdie bedreiging deur Arius se dwaalleer nie bloot 'n gevaar vir politieke eenheid was nie. Dit was meteen die grootste bedreiging vir die kerk en die voortbestaan van die kerk as sodanig. Dit het oor niks minder gegaan nie as dít wat die kerk en die Christendom uitmaak. 'n Mens moet jouself maar 'n bietjie in die skoene van die verminkte deelnemers aan die konsilie probeer indink. Was al die lyding

1. Sendeling van die Gereformeerde Kerk Postmasburg en hoof van Reformatorisch-Theologisches Seminar, Heidelberg, Duitsland.



PRYS: R250



PRYS: R120



PRYS: R100

www.liginduisternis.co.za

van die duisende martelare dan tevergeefs? In gedrang was die geloof in God, met die sentrale geloof in Christus deur wie die Here Hom aan ons bekendmaak. Dit het oor die wese van die hele evangelie gegaan en was nie 'n blote haarklowery oor beuselagtighede nie.

Alles was op die spel: Die geloof, die verlossing in Christus ... As die Seun van God nie God self is nie, só het Athanasius wat Arius bestry het, gesê, hoe kan Hy ons Verlosser wees?

Tussen twee afgronde

In die eerste eeue het die Here deur sy Gees en Woord sy kerk tussen twee afgronde heen gelei. Die een afgrond was die dwaalleer dat Jesus as Seun van God nie regtig 'n ware, volkome mens is nie, net 'n "skynmens" (dosetisme). Die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) het op daardie dwaalleer duidelik geantwoord deur in die besonder die ware mensheid van Christus, soos geopenbaar in die Skrif, uit te druk.

Die ander afgrond het veral met die Arianisme na vore getree – die ontkenning dat Jesus as Seun van God, ware en volkome God is. In Nicéa 325 is hierdie tweede afgrond van dwaalleer vermy deurdat die waarheid van die Skrif erken en bely is, naamlik dat Jesus Christus ware God is. Nicéa 325 se formulering beklemtoon dit: "God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie

gemaak nie, een in wese met die Vader". Die begrip "homooousios" (ὁμοούσιος), dat die Seun "een in wese" met die Vader is, was 'n voorstel van Konstantyn.

Op Arius en enkele volgelingen, het die hele konsilie hierdie formulering oorgeneem. As belydenis van die Skrifwaarheid uit 325 kry dit finale beslag tydens die Tweede Ekumeniese Konsilie te Konstantinopel in 381 (met ook die uitbreiding oor die ware Godheid van die Heilige Gees). Sedertdien is die Geloofsbelydenis van Nicéa (eintlik is die korrekte naam die Niceaans-Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenis) by verre die algemeenste en mees gebruikte en verspreide geloofsbelydenis van die Christelike kerk oor die hele wêreld heen.

Slot

By Nicéa trek in 325 die kerkgeskiedenis in sy verreikendste konsekwensies saam. Daarmee het die kerk van Christus onder leiding van sy Gees en Woord die finale antwoord op Jesus Christus se eie vraag in Mattheüs 16:15 (*Maar julle, wie sê julle is Ek?*) onteenseglik gegee: Die belydenis dat Jesus God is, een in wese met die Vader, van ewigheid af. In die hele byna 2 000 jaar geskiedenis van die Christelike kerk ná die Nuwe Testament, was daar geen belangriker oomblik as Nicéa 325 nie. Daarmee staan of val die kerk, die kern van ons geloof, dat Jesus Christus God is.

Hy is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Hebr. 13:8). ☺

SMELTOOND

• Oktober 2025 •

Deur ds. Schalk Strauss



Bloedsaad

Daar trek 'n koeël met spoed, met spoed;
hy's nat van Amerikaner-bloed,
en smart die boodskap wat hy voer;
hy kom uit Amerikaner roer,
hy gaan deur Amerikaner-hart.
Maar met die roue en die smart
bring hy steeds die hart se kragte oor.
Slaap sag, trou hart, so wreed deurboor,
Want, trekkend, trekkend jaar en stond,
sal steeds die koeël sy boodskap spreik;
en waar hy tref, heel nooit sy wond;
en wat hy tref, dit heilig hy!



Met hierdie geringe aanpassing aan Jan FE Cilliers se gedig oor die dood van Jopie Fourie, vind die emosies wat tans wêreldwyd in konserwatiewes se harte leef, 'n uitlaatklep. Die sluipmoord op die konserwatiewe aktivis, Charlie Kirk, het skokgolwe deur Amerika gestuur waarvan die trillings tot aan die uithoeke van die aarde gevoel kan word. Hoewel wêreld en meer as 100 jaar van mekaar verwyder, is die ooreenkomste tussen Jopie Fourie en Charlie Kirk treffend. Beide word as rebelle gebrandmerk omdat hulle nie bereid was om stil te bly wanneer die wêreld deur onreg verswelg word nie. Hul lewens is gekenmerk deur 'n onstuitbare en onblusbare drang vir die waarheid. Vir beide het die vlam van 'n vryheidsideaal hoog en helder gebrand. Hulle was onkreukbaar van karakter, onbeskaamd Christelik, en (letterlik) doodseker van hul redding in Jesus Christus.

Hoewel Kirk se aktivisme deur baie as polities gemotiveerd afgemaak is, ontbloom 'n fynere ontleding van sy standpunte 'n dieper begroning. Hy het nie gekroom om die warmpatat-

onderwerpe van ons dag aan te pak nie. Die idee van vryheid was natuurlik boaan sy lys, maar hy was nie daartoe beperk nie. Wanneer hy oor sake soos vryheid van spraak, aborsie, selfdegeslagverhoudings, vaderskap, diskriminasie, of kulturele en sosiale kwessies gepraat het, was dit nie sy logiese en retoriese vermoëns wat hom so oortuigend gemaak het nie, maar sy begroning. Wanneer hy hierdie onderwerpe beredeneer het, was die weerklanke van die Skrif en die evangelie altyd teenwoordig – dikwels eksplisiet op die voorgrond. Hy het 'n objektiewe maatstaf gehad wat sy standpunte losgemaak het van die sekulêre stank van ons tyd en dit 'n hemelse geur gegee het. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing was die bril waardeur hy alles beskou het.

In 2012 stig hy die organisasie Turning Point USA met die doel om konserwatiewe waardes te versprei en te bevorder. "Konserwatiewe waardes" was egter vir hom meer as 'n politieke konsep. Dit was sinoniem met Bybelse waardes. Die naam van die organisasie spreek

van sy aanvoeling dat daar 'n koersaanpassing moet kom ten einde die katastrofiese gevolge van 'n woke, liberaal-sekulêre eindbestemming te vermy. Sy stryd was nooit teen vlees en bloed nie, maar teen die *owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug* (Efés. 6:12). Hy was altyd bewus daarvan dat hy nie self die stuurman is om die broodnodige draaipunt en koersaanpassing te navigeer nie. Hy was bloot instrument in die hand van die Gees wat in staat is om harte te verander en lewe uit die dood te bewerk. Dit was die draaipunt waarvoor hy hom ten diepste beywer het toe hy enkele minute voor sy dood vreesloos verklaar het: "Christ is Lord, death is defeated."

In die tweede eeu ná Christus het die kerkvader, Tertullianus, die volgende belangrike opmerking gemaak: "Die bloed van die martelare is die saad van die kerk." Die duisternis sal nie die lig van die evangelie uitdoof nie; die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Mag sy onverskrokke gees in duisende kinders van die Here voortleef. Mag sy saad ook bloedsaad wees wat die konserwatiewe tradisie, soos gegrond in die evangelie en gebou op die hoeksteen van Christus en die fundamente van die apostels, soos 'n vloedgolf oor die wêreld stuur. Mag sy boodskap van vryheid, wat ten diepste in Christus gegrond is, die mure van Jerigo laat verbreek. Mag dit iets in ons wakker maak wat ons met dieselfde moed laat opstaan om die stryd vir die koninkryk voort te sit. Dit is immers 'n boodskap wat nie deur 'n kruis of 'n koeël gestop kan word nie! ☺



Vier Nicéa saam met die Kerk van die eeue¹

Prof. Alwyn Swanepoel²

Daar is 'n groot verskil tussen 'n verskoning en 'n belydenis. 'n Verskoning gebeur wanneer ons wil wegkom met die minimum. 'n Ware belydenis daarenteen, is dit wat jy uitspreek wanneer jy nie meer kan stilbly nie, selfs al kos dit jou alles. Die Geloofsbelydenis van Nicéa is só 'n belydenis wat uit stryd gebore is.

Die Belydenis van Nicéa ontstaan 1 700 jaar gelede toe die kerk in 325 'n aardskuddende sin op grond van die Woord uitgespreek het: Jesus Christus is van dieselfde wese as die Vader. Dit was 'n waterskeidende belydenis uit die geheel van die Bybel oor Christus wat van ewigheid af God is. Dit was die begin van die kerk se gesamentlike en vaste belydenis van God Drie-enig. As Nicéa dit nie duidelik bely het nie, kon die kerk ook nie die leer van die Drie-eenheid later helder bely nie. Daarom kan ons dit vereenvoudig en sê dat ons Nicéa vandag telkens eer en vier wanneer ons die leer van die Drie-eenheid waardeer en vier. Die vraag is egter: Hoe doen ons dit vandag in die praktyk?

1 Lees die Bybel as simfonie van God Drie-enig

Nicéa se belydenis het uit die Skrif gegroei soos 'n boom uit diep wortels. Nie uit 'n enkele teks nie, maar uit die hele melodie van die Bybel. Reeds in

Génésis 1:26 hoor ons: *Laat Ons mense maak*. In Jesaja roep die HERE: “Wie sal vir ons gaan?” In Jesus Christus se doop roep die Vader se stem oor die Seun, terwyl die Gees soos 'n duif neerdaal. En later hoor ons van die doop in die Naam (enkelvoud) van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Wanneer ons die Skrif as 'n eenheid lees, ontdek ons, soos die Reformatoriese teoloë Van der Kooi en Van den Brink dit stel: die Bybel het 'n proto-Trinitariese patroon. Die Woord wys deurgaans, aanvanklik in skadu's en later al hoe helderder in die Nuwe Testament dat die enige Here, Drie-enig is. Dit is hoe Daniel Hyde, die gereformeerde teoloog, dit ook beskryf: Ons leer die Drie-eenheid ken as die enige en enigste HERE van die Ou Testament wat Homself openbaar in die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Gees – alles op pad na die voleinding. Dít is die lewende ritme van die Skrif as geheel: God kom na gelowiges toe, in drie Persone, met een hart van genade en liefde. Dit is die oorhoofse raamwerk waarin ons die Bybel mag lees.

2 Laat God Drie-enig in jou ervaring en lering deurwerk

Daar is 'n aangrypende sin oor die Drie-eenheid in artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

“Dit alles weet ons uit die getuigenis van die Heilige Skrif sowel as uit hul werkinge, en veral uit dié wat ons in ons gevoel.” Wat 'n merkwaardige sin. Hier bely die kerk dat die leer van die Drie-eenheid nie net uit die Woord en waarneming kom nie, maar ook uit die lewende ervaring van die gelowige. ADR Polman,³ die bekende gereformeerde teoloog, wys daarop dat Calvyn se belydenis oor die Drie-eenheid sterk op die geloofservaring appelleer. Hy wys op Theodore Beza, opvolger van Calvyn, wat selfs aan die anti-Trinitariërs kon vra: “... mag ek dan nie glo dat ek met die Vader deur die Seun versoen is nie? ... en deur die Gees mag roep ‘Abba Vader’ ... as ons dit nie glo nie, wat is dan ellendiger en rampsaliger as die Christelike nasie ...?”

Michael Reeves,⁴ die gereformeerde evangeliese teoloog, wys daarop dat die Triniteit by Calvyn en sy opvolgers goeie nuus is. Dit gaan oor die God wat Homself gee, in Christus, deur die Gees, sodat ons nie maar net oor God dink nie, maar – God mag ken. Ons moet hierdie ervaring van God Drie-enig in ons kategeese, ons onderrig en ons belydenislewe eer. Die bekende eerste vraag van die Heidelbergse Kategismus is nie toevallig so Trinitaries nie: Ons behoort aan Jesus Christus, wat

ons verseker deur die Gees, sodat ons met 'n hartlike vertrouwe op ons Vader se sorg en wil, kan lewe en sterwe. Hier is God Drie-enig reeds betrokke, nie as afgeleide saak nie, maar as fondasie van ons enigste troos.

3 Aanbid God Drie-enig deur die hele erediens

Robert Letham,⁵ die gereformeerde teoloog, wys daarop dat die Oosters-Ortodokse kerke die werklikheid van die Triniteit meer berekend en deurweef in hul hele liturgie gebruik en hy is van mening dat Westerse kerke hieruit iets kan leer. Anders gestel: Nicéa moet nie net herhaal word nie. Dit moet deur die hele liturgie ingeasem word. Dit moet as't ware die reuk van ons erediens wees. Ons kan meer berekend daaraan werk om in elke erediens meer bewus te wees van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Gelowiges moet voortdurend bewus gehou word van die vrede en vreugdevolle Drie-eenheid wat gelowiges tot deelgenote maak van egte gemeenskap met die Vader deur die Seun in die krag van die Gees. So begelei die liturgie die aanbidding.

4 Leer en waardeer die teologiese arbeid van Nicéa as ons eie

Daar is 'n romantiese leuen dat geloof net eenvoudig is en dat leerstellige stryd altyd 'n afwyking is. Maar die waarheid het nog altyd ook stryd en moeite gevegr. Nicéa was nie 'n konsensusvergadering nie. Dit was 'n stryd teen 'n slim, afvallige leuen: Jesus is verhewe, maar het eens nie bestaan nie. Die kerk moes daarom woorde vind om die waarheid van die hele Skrif

te beskryf. En dit het baie bloed, sweet en selfs verminking voor Nicéa gekos sodat die kerk helder kon bely: Jesus is waaragtige God uit waaragtige God en van dieselfde wese met die Vader. Thomas White,⁶ noem dit 'n "organiese ontwikkeling" in die leer van die kerk – nie 'n nuwe uitvinding nie, maar 'n ontplooiing van wat van die begin af daar was in die Woord. Om Nicéa te vier, is daarom om te sê: "Ons hoor nog steeds daardie stemme. Ons praat nog daardie taal." Dit is ook een van die doelstellings van kategetiese.

5 Respekteer die ware leer en ware leraars

Die gereformeerde teoloog, Herman Bavinck, het dit lankal gesê en Fred Sanders,⁷ het dit onlangs vars geformuleer: Die leer van die Drie-eenheid is nie net een afdeling in teologie nie. Dit is die matriks, die oorhoofse struktuur van alles wat ons glo. Dit beïnvloed ook ons hele geloof en teologie. Sodra jy hierdie God verkeerd sien, begin jy die leer oor Jesus verdraai, verwring jy die leer oor die Gees tot 'n krag, die kerk tot 'n klub, en geloof tot net nog 'n sentiment.

Maar om reg te werk, vra ook sekere deugde van hulle wat geroep is om die leer te verkondig en te bewaar: respek vir die Woord van God, nederigheid, gehoorsaamheid, aanbidding. Die probleem met baie hedendaagse lering oor die Drie-eenheid is nie net dat dit verkeerd is nie, maar dat dit sonder hierdie gepaste deugde beoefen word en daarom in wese nie kan ontvang wat God openbaar nie. Daarom roep Nicéa ons op tot iets wat skaars geword het: Die soort geroepenheid en verwondering wat kniel, wat stilte

by die Woord as heilig sien, en wat weet dat dieper insig dikwels eers kom tot diegene wat aanbid voordat hulle alles verstaan. Dit is waarom die kerkvaders nie net oor die Drie-eenheid gedink het nie, maar voor God Drie-enig daarvoor gekniel het. Dit is waarom ons bedienaars nodig het wat knielende teologie beoefen.

Ten slotte

Die wêreld soek eenvoudige antwoorde oor God, maar ons bely 'n diep misterie: Die God wat een Wese is, geopenbaar in drie Persone. Ons bely dit nie omdat dit maklik is nie, maar omdat dit waar is: omdat hierdie God ons red; omdat hierdie God die bron van die evangelie is. Dit is die leer wat Nicéa wou bewaar en bely. Want as Jesus nie werklik God is nie, het God Homself nie aan ons gegee nie. En as die Gees nie God is nie, is God se heerlike teenwoordigheid nie werklik in elke gelowige se hart en lewe nie. Nicéa (oor die Godheid van die Seun) en later Konstantinopel (oor die Godheid van die Gees) was daarom nie maar net nog konferensies nie. Dit was gevegte om ware aanbidding van die lewende Drie-eenheid. ☺

1. Hierdie artikel is 'n verwerking met die hulp van KI, van 'n deel van 'n referaat wat op 21 Julie 2025 by 'n konferensie oor Nicéa by Akademia gelewer is, met die titel: "Nicéa en kontinuiteit: Oor vernuwing van die Triniteitsleer vanuit die Woord en tradisie."
2. Hoogleraar in dogmatiek aan die Afrikaanse Protestantse Akademie.
3. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis: Verklaard uit het verleden, geconfronteerd met het heden. Eerste deel* (Franeker: T. Wever, 1948).
4. "The Holy Trinity," in M. Barrett, ed., *Reformation Theology: A Systematic Summary* (Wheaton, IL: Crossway, 2017), 111-129.
5. "The Holy Trinity," in *Scripture, History, Theology, and Worship*, 2nd. ed. rev. (Phillipsburg, NJ: P&R, 2019).
6. *The Trinity: On the Nature and Mystery of the One God* (Washington, D.C.: Catholic University of America, 2022).
7. *The Triune God* (Grand Rapids, MI: Zondervan, 2016).



Nicéa en die twee nature van Christus

Ds. Willem van Schalkwyk¹

Belydenisskrifte word nie agter 'n lessenaar uitgedink nie, maar word in stryd gebore – só het een van die professore van die AP Akademie ons studente geleer. Belydenisskrifte van die kerk het ontstaan as antwoord op dwaalleer wat in die kerk posgevat het.

Dwaalleraars is nie 'n nuwe verskynsel van die moderne tyd nie. Satan het deur die eeue mense gebruik om die kerk op 'n dwaalspoor te probeer lei. In die tydvak van die geskiedenis toe die Geloofsbelydenis van Nicéa “gebore” is, was daar baie ernstige dwaalleer oor die Godheid en die mensheid van die Here Jesus. Hierdie dwaalleringe het gegryp na die hart van die evangelie en raak ons redding ingrypend.

Twee ketters van die vierde eeu was Arius en Apollinaris. Arius het die Goddelike natuur van Christus ontken en Apollinaris sy menslike natuur. Die Geloofsbelydenis van Nicéa beskerm die Bybelse leer van die twee nature van Christus en gee die belydenis van die kerk pragtig weer.

Die Godheid van Christus

Arius het ontken dat die Here Jesus van ewigheid af saam met die Vader God is. Hy het nie 'n probleem gehad om Christus die eniggebore Seun van God te noem nie, maar dit beteken vir hom dat daar 'n tyd was toe die Here Jesus nie bestaan het nie. Hy redeneer dat Jesus op 'n spesifieke stadium deur die Vader gemaak

is. Dit beteken dat Hy 'n begin het. Anders as die Vader, was Hy nie altyd daar nie. Iewers in die ewigheid is Hy gemaak. Hy was die heel eerste skeppingswerk van die Vader.

Teenoor hierdie dwaalleer stel Nicéa vier punte. Ruimte laat ons nie toe om al die Skrifbewyse hier te noem nie.

Christus is die eniggebore Seun van God voor alle eeue

Die Here Jesus is uit die Vader gebore. Die term “gebore” kan dalk vir ons verwarrend wees, want dit verwys nie na sy geboorte as mens nie. Die bedoeling van die woord is dat Hy uit die Vader voortgekom het. Dit dui dus nie op 'n gebeurtenis nie, maar eerder op 'n bestaanswyse.

Hierdie saak is vir ons as mense 'n misterie, want ons kan nie óns verstaan van ouerskap hier toepas nie. As ek pa word, kom my seun uit my voort en dit beteken dat ek eerste was en dat my seun eers later gebore is. Wat God die Vader en God die Seun betref, werk dit glad nie so nie. Daar was nooit 'n oomblik waarin die Vader sonder die Seun was nie. Die Seun was,

saam met die Vader, nog altyd daar. En tog het die Seun uit die Vader voortgekom.

Hierdie is een van daardie waarhede van die Skrif wat ons nie hoeft te verstaan nie, maar moet glo.

Christus is waaragtige God

Arius het gesê dat Christus minder God is as die Vader. Nicéa sê Christus is “God uit God, lig uit lig en waaragtige God uit waaragtige God”. Met hierdie stelling word dit baie duidelik gemaak dat die Here Jesus nie los van die Vader staan nie. Nee, omdat Hy uit die Vader voortgekom het, omdat Hy uit God is, is Hy self ook, onmiskenbaar, waaragtige God.

Christus is nie gemaak nie

Hier is die kern van Arius se leer. Die ander drie punte vorm die bewyse dat Christus nie gemaak is nie en daarom werk ons nie hierdie punt verder uit nie.

Wat ook hier verstaan moet word, is dat indien dit waar was dat die Here Jesus deur die Vader “geskep” is, dan was Hy nie God nie, dan kon Hy nie vir my sondes betaal nie, dan was ek verlore.

Christus is van dieselfde wese as die Vader

As 'n seun uit sy vader gebore word, kan dit nie anders as dat daardie seun 'n mens is nie. As Christus as Seun uit God die Vader voortkom, kan dit nie anders as dat Hy God is nie. Deur te sê dat die Seun van dieselfde wese as die Vader is, word baie duidelik gestel: Soos die Vader is, só is ook die Seun. Die woord wat deur Nicéa gebruik word, is *homo-ousios*. Letterlik beteken dit “een in wese” of “van dieselfde substansie”. Dus: Die Seun is God.

Natuurlik was hierdie formulering die doodskoot vir die Ariane.

Die mensheid van Christus

Apollinaris het sy standpunt ontwikkel as reaksie op Arius se kettery. Hy het ontken dat die Here Jesus volledig mens was. Hy het geglo dat toe die twee nature van Christus verenig is, een van die nature iets prysgegee het. 'n Volledige vereniging tussen Christus se Godheid en mensheid was volgens hom nie moontlik nie. Omdat hy die Godheid van Christus gehandhaaf het, het hy sy mensheid gedeeltelik prysgegee.

Alhoewel Apollinaris sy dwaling ná Nicéa geleer het, antwoord Nicéa ook genoegsaam daarop: Christus het ter wille van ons, mense, en ons saligheid neergekom uit die hemel en vlees geword. Deur die Heilige Gees het Hy uit die maagd Maria mens geword.

“Vlees” en “mens” sê baie duidelik dat die Here Jesus volledig aan ons gelyk was. Vlees wys gewoonlik op ons swak, gevalle, menslike natuur – Christus het só 'n liggaam

ontvang (uitgesonder die sonde). Ook het Hy nie 'n soort Godmens (meer mens as die mense) geword nie. Die Here Jesus was volledig mens soos ons.

Die betekenis van Nicéa vir die kerk

Die Bybelse waarhede wat in Nicéa verwoord is, het baie duidelike rigting vir die kerk van die toekoms gegee. Op die Sinode van Chalcedon in 451 is baie duidelik gestel dat die twee nature van Christus ongeskeie, onvermengd, ongedeel en onveranderd is. Hy is 100% God en 100% mens. Toe Hy as God mens geword het, was Hy nie minder God en meer mens nie.

Die Geloofsbelydenis van Athanasius wat in die jaar 500 ontstaan, het baie duidelik met die twee nature van Christus gehandel:

“Hy is God uit die substansie van die Vader, voor alle tye gegenereer, én mens uit die substansie van sy moeder, in die tyd gebore” (art. 31).

Ook die belydenisskrifte wat ná die Reformasie gebore is, spreek van hierdie waarhede.

Die Heidelbergse Kategismus vra: “Maar wie is hierdie middelaar wat tegelyk waaragtige God en 'n waaragtige regverdige mens is? – Onse Here Jesus Christus ...” (So. 6 v/a 18). Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 18 (“Oor die menswording van Christus”) en artikel 19 (“Oor die vereniging en onderskeid van die twee nature van Christus in een Persoon”), onderstreep hierdie waarhede.

Wat meer is, die Geloofsbelydenis van Nicéa het deurgewerk na ons kerksang: “God uit God en Lig uit Lig” (Ges. 122:1), “waaragtig God, regverdige mens” (Ges. 86:3), “ewig, onbegryplik Wese, Vader, Seun en Heilige Gees” (Ges. 84:11).

Nicéa se betekenis vir 2025

Wanneer enige van die twee nature van Christus ontken word, of as beweer word dat een van die nature minder geword het toe die twee nature verenig het, raak dit ons verlossing ingrypend.

Wie die Godheid van die Here Jesus ontken, eindig by 'n man van Násaret wat 'n baie voorbeeldige lewe geleef het en nie my sonde voor die Vader kon dra nie. Wie die mensheid van die Here Jesus ontken, eindig met 'n mislukte verlossingsleer, want 'n mens het gesondig en daarom moet 'n mens vir die sonde van die mense betaal (vgl. HK So. 6 v/a 16). Dit is slegs as ons beide die volle Godheid en volle mensheid van ons Here Jesus vashou, dat die ewige redding ons deel kan wees.

Enige godsdiens of standpunt waarin die Here Jesus net gesien word as 'n goeie voorbeeld of 'n eervolle martelaar, is Arianisme. Die teoloë in sekere gereformeerde kerke in Suid-Afrika wat die Godheid van Christus ontken, is skuldig aan die kettery van Arius en kan nie as Christelik beskou word nie.

1 Johannes 2:22 sê dit baie duidelik: *Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.* ☹

1. Leraar van die AP Kerk Heilbron.



Nicéa: 'n Nuwe leer oor God of die ware leer teenoor dwaalleer?

'n Antwoord op die Jehovasgetuies

Prof. Henk Stoker¹

Jehovasgetuies is bekend daarvoor dat hulle voorgee om die enigste ware Christene te wees – geroep om as getuies van Jehova op te tree. Hierdie groep verwerp die Drie-eenheid en beweer dat die Drie-eenheidsleer nie deur die eerste Christene verkondig is nie.² Volgens hulle is net die Vader God en moet Hy as Jehova aangespreek word. Die Seun is bloot die eerste skepsel en eintlik die aartsengel Migael. Die Heilige Gees is nie 'n persoon nie, maar 'n blote krag waarvoor God beskik.

In 1989 verskyn 'n boekie met die titel *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?*³ Hierin stel die Jehovasgetuies dat die Drie-eenheidsleer 'n valse leerstelling is wat rondom die tyd van die Sinode van Nicéa uitgedink is. Die Bybelse leer oor God, soos later saamgevat in die Drie-eenheidsleer was egter, behalwe in die Bybel self, ook reeds aanwesig in die geskrifte van die eerste Christene. Omdat die Jehovasgetuies die teendeel beweer, word die groep se verdraaide weergawe (bl. 7) van die “voor-Niceense Vaders” (soos die boekie na hulle verwys) se werklike leer oor God vervolgens bespreek.

Justinus die Martelaar

Justinus die Martelaar (ca. 165 oorlede) is die eerste “voor-Niceense Vader” wat die boekie bespreek. Sonder enige bronverwysing word gesê Justinus het “die voormenslike Jesus 'n geskape engel genoem wat onderskeie van die God wat alles gemaak het” is.



Hierdie beskrywing hom toegedig, is doodgewoon onwaar. In die *Eerste apologie van Justinus* skryf Justinus⁴ dat Jesus “Engel” (wat boodskapper beteken) genoem word, want Hy is gestuur om dinge te openbaar. Daarom dat die “Engel van die HERE” in Exodus 3 sê dat Hy “die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob” is. Op dieselfde bladsy sê Justinus dat die Seun nie die Vader is nie, maar dat beide waarlik God is.

Dit is dus duidelik dat Justinus, soos die Christelike kerke vandag steeds doen, erken het dat die Here Jesus God is en dat Hy “Engel” (of “Woord”) genoem word, omdat Hy dinge van God aan mense openbaar. Duidelik is Vader en Seun verskillende Persone, beide God, hoewel daar net een God is. Dit bewys die Jehovasgetuies se siening verkeerd wat beweer dat die Drie-eenheidsleer nie voor die vierde eeu verkondig is nie.

Irenaeus

Irenaeus (ca. 200 n.C. oorlede) het, volgens die boekie, die Vader as die “ware en enigste God”

beskryf. Hy het wel die Vader as die enigste ware God in kontras met die gnostiese spekulatiewe gode beskryf, maar nie in kontras met Jesus nie. Hy praat spesifiek van Jesus as: “Christus Jesus, ons Here, en God, en Verlosser, en Koning.”⁵ Verder noem hy Jesus die Skepper van die wêreld wat mens geword het in hierdie skepping wat Hy bestuur.⁶



By Irenaeus sien 'n mens dus onder andere die deel van die Drie-eenheidsleer dat Jesus met sy menswording tegelykertyd Skepper en skepsel, God en mens geword het. In plaas daarvan dat Irenaeus gebruik kan word om te bewys dat die gedagtes wat in die Drie-eenheidsleer vervat word, nie voor die vierde eeu bestaan het nie, blyk weereens die teendeel die geval te wees.

Clemens van Alexandrië

Volgens die boekie het Clemens van Alexandrië (ca. 215 n.C. oorlede) “Jesus in sy voormenslike

bestaan 'n skepsel genoem" en verklaar dat hoewel Hy naas die Vader is, maar "nie aan Hom gelyk is nie".

Clemens⁷ leer egter op grond van die Woord dat Jesus die "gemanifesteerde Godheid" is, "gelyk aan die Here van die heelal", sy Vader. Verder sê hy dat Jesus "naas die Vader bestaan" en "gelyk in wese, een met die Vader, ewig en ongeskape is". Clemens verduidelik selfs hoe hy die Drie-eenheidsleer verstaan: "Ek verstaan niks anders nie as dat die heilige Drie-eenheid bedoel word; want die derde is die Heilige Gees, en die Seun is die tweede, deur wie alle dinge gemaak is ooreenkomstig die wil van die Vader."



Tertullianus

Tertullianus (ca. 230 n.C. oorlede) word soos volg aangehaal:

"Die Vader is verskillend van die Seun"; en: "Daar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie ... Voor alle dinge was God alleen."



Met Tertullianus het die Jehovasgetuies weereens 'n groot probleem om dit te laat klink asof hy nie die Drie-eenheidsleer aanhang nie, want hy was die man wat die basiese terminologie daarvoor geformuleer het. In die Geloofsbelydenis van Nicéa wat vandag nog algemeen deur Christelike kerke bely word, word gesê Jesus is "God uit God, lig

uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader".

Hierdie terme word reeds by Tertullianus⁸ gevind as hy sê Christus is "God uit God, soos lig uit lig vloei" en dan byvoeg "dit wat uit God voortgekom het, is tegelyk God en die Seun van God, en die twee is een". Dan voeg hy by dat hoewel Jesus tweede staan wat posisie betref, daar wat sy aard betref, geen rangorde bestaan nie. "Hy is die Seun van God en word tegelykertyd ook God genoem op grond van die eenheid in wese met God." Met Jesus se geboorte het God mens geword.

Tertullianus praat ook by name van die Drie-eenheid, bestaande uit drie Persone, naamlik die Vader, die Seun, en die Gees.⁹ Hierdie drie Persone is saamgebind as een God. Die aanhaling wat die Jehovasgetuies aan Tertullianus toedig, "(d)aar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie", is nie deur hom gesê nie, maar was 'n opmerking van iemand wat navorsing oor hom gedoen het en 'n ander standpunt gehuldig het. In werklikheid het Tertullianus die tweede Persoon van die Drie-eenheid as ewig gesien.

Die opstellers van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* maak vroeër in die boekie (bl. 5-6) voorbrand daarvoor dat lesers nie die woord "Drie-eenheid" wat Tertullianus meer as 'n eeu voor die Sinode van Nicéa gebruik het, as 'n verkondiging van die Drie-eenheidsleer moet opneem nie. Maar anders as wat hulle beweer, is die woord "Trinitas" duidelik

deur Tertullianus gebruik om na die drie-enigheid van God te verwys.

Tertullianus se geskifte wys selfs duideliker as die ander kerkvaders hier bo genoem dat die Jehovasgetuies 'n wanindruk van die geskiedenis van die Drie-eenheidsleer by lesers van *Moet jy aan die Drie-eenheid glo?* probeer skep. Tertullianus het die drie-enigheid van God by name geleer en dit meer as 'n eeu vóór Nicéa op uitgebreide wyse uiteengesit. Juis omdat hierdie leer oor God so kosbaar vir die vroeë kerk was, moes 'n sinode later byeengeroep word om dit teen valse leerstellings te definieer en uiteen te sit. Die Sinode van Nicéa het nie 'n nuwe leer oor God gebring nie, maar die ware Bybelse leer teenoor dwaalleer bevestig.

Hippolitus

Oor Hippolitus (ca. 235 n.C. oorlede) haal die boekie die volgende woorde aan: God wat "niks tydgenootlik [van dieselfde ouderdom] gehad het nie ... maar hy was Een, heeltemal alleen; wat, omdat hy dit gewil het, in aansyn geroep het wat nie voorheen bestaan het nie". Dan voeg die organisasie onmiddellik daarna die woorde "soos die geskape, voormenslike Jesus" by.



1. TSP & NWU dosent in apologetiek en etiek.
2. 'n Uitgebreide antwoord op die Jehovasgetuies se bewerings dat die Drie-eenheid nie Bybels is en dat Jesus nie God is nie, kan gevind word in my boek: *Die Jehovasgetuies. 'n Onchristelike kulte?*
3. <https://bit.ly/4m8OSOI>
4. Roberts & Donaldson, *The Ante-Nicene Fathers*, ed. Roberts & Donaldson, 184.
5. Ibid, 330
6. Ibid, 546
7. Ibid, 206, 574, 468
8. Ibid, 34-35
9. Ibid, 606

Hierdie byvoeging, om dit te laat klink asof Hippolitus Jesus nie as God beskou het nie, maar as 'n geskapene, is 'n miskiening van wat Hippolitus werklik geleer het. Oor die bestaan van God voor die skepping, sê hy die volgende: "Buiten Hom was daar niks; tog, terwyl Hy alleen bestaan het, het Hy tog in die meervoud bestaan."¹⁰ Hy stel dan op soortgelyke wyse as Tertullianus dat Jesus en die Vader saam God is soos "lig uit lig, of soos water uit 'n fontein, of soos 'n straal van die son".

Dat Hippolitus sou geglo het dat Christus 'n skepsel en nie God is nie, blyk onwaar te wees as ook verder na sy standpunte gekyk word. Hy noem Jesus "Christus die Almagtige",¹¹ en verwys gesamentlik na Vader, Seun en Heilige Gees. Verder sê hy "Christus is God bo alles/almal".¹²

Origines

Origines (ca. 250 n.C. oorlede) word laastens deur die organisasie gebruik om hul standpunt te ondersteun. Hoewel hulle sê dat Jesus volgens Origines "in vergelyking met die Vader 'n baie klein liggie is", verklaar Origines self "niks in die Drie-eenheid kan groter of van mindere waarde genoem word nie". Hy sê ook op grond van Openbaring 1:8 dat die Seun net soos die Vader almagtig en God is. Oor die Heilige Gees sê Origines, anders as wat die Jehovasgetuies beweer, dat Hy 'n Persoon is en boonop soveel mag en waardigheid het dat die doop nie sonder die gesag van die Drie-eenheid, by name Vader, Seun én Heilige Gees, kan plaasvind nie.



Die Christelike leerstelling wat ons vandag nog bely, is dikwels nie van die begin van die verkondiging daarvan amptelik uiteengesit nie. Soos by die Sinode van Nicéa, het dit telkens gebeur dat iets wat al jare geglo is, eers later uiteengesit is, dikwels omdat daar mense gekom het wat hierdie Christelike oortuiging in twyfel begin trek het. Die vraag is nie of 'n term soos "Drie-eenheid" in die Bybel voorkom nie, maar of die leer wat deur hierdie term aangedui word, in lyn is met wat die Bybel leer. Die term "Drie-eenheid" is 'n beskrywing van dit wat die Bybel omtrent God leer, naamlik dat daar drie Persone is wat al drie waarlik God is, maar dat daar net een God is. Dit is wat die Bybel ons leer en wat by Nicéa bely is. ☺

10. Ibid, 227

11. Ibid, 225-226

12. bid, 153

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis12-13; Exodus18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13, 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3.	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6, Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Habakkuk; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikels 33-35

Wil jy 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers doen?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

Bankbesonderhede: Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media
ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632 005


Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer

www.liginduisternis.co.za

ONTSYFER DIE KODE

Elke letter word deur 'n spesifieke letter verteenwoordig. Indien A=X, sal al die blokkies wat met X gemerk wees, A's wees. Voltooi die teksgedeelte wat dwars en af verloop in die rooster.

X	Y	Z	A	B	D	Q	K	M	G	N	E	L	J	H	F
A		E	G				N				T				



DWARS (Klaagl. 5:1-22)

1. Kinders sonder 'n vader (5:3)
4. Vreugde het daaruit verdwyn (5:15)
7. Ondergeskiktes wat heers (5:8)
8. Om ag te slaan op iets (5:1)
13. Dui op: om aansien te verloor (5:16)
14. God's heerskappy staan vas (5:19)
16. Vreugde het verdwyn (5:15)
17. Bedreiging van jou lewe (5:9)
19. Uitlanders het dit oorgeneem (5:2)
21. Hulle struikel onder die vraag (5:13)
23. Vra by dié volk brood (5:6)
24. Hulle is soos weduwees (5:3)
27. Geen rus toegestaan nie (5:5)

29. Blydschap het opgehou (5:15)
30. Sy kinders word wese (5:3)
31. Metropole in Juda (5:11)
32. Hul oë is verblind (5:17)
33. Betaalmiddel vir water (5:4)
34. Dreigende woestyngevaar (5:9)

AF (Klaagl. 5:1-22)

1. Noodsaaklike lewensmiddel (5:4)
2. Die mag van die vyand (5:8)
3. Terugkeer na God (5:21)
4. Betaling daarvoor gevra (5:4)
5. Blaaskans, verposing (5:5)
6. Die volk se oorheersers (5:5)
9. Roofdiere op Sionsberg (5:18)

10. Agtergeblewe vroue (5:3)
11. Herskep, omvorm (5:21)
12. Oues van dae (5:12)
14. God se woede (5:22)
15. Vorste is tereggestel (5:12)
18. Musiekmaak deur jonges (5:14)
20. Wanneer voete vashaak (5:13)
21. Gebergte in Juda (5:18)
22. Vreemdes uit ander lande (5:2)
25. Sonder ophou (5:19)
26. Toegang tot die stad (5:14)
28. Volk verloor hul nalating (5:2)
29. In Sion is hulle verkrag (5:11)
31. Vernedering (5:1)
32. Dit verskrimpel as gevolg van honger (5:10)



Paul Kruger (1825-1904)

Hannes Noëth¹

Die wonder van ons belydenis is dat ons weet God regeer oor mense, plekke en gebeure. Wanneer Hy leierskap aan 'n volk skenk, moet 'n volk nie ligtelik daarmee omgaan nie. Die Afrikaner is besonder geseënd dat God in sy leiers aan hom Godsmanne, volksmanne, en strydmanne voorsien het.

Sonder om die mens te vereer, bring ons graag die gawes en die werk wat God vir ons deur hulle voorsien het, in herinnering.



In 2025 is dit gepas om 'n oomblik by die lewe en die vryheidsideaal van Paul Kruger stil te staan. Stephanus Johannes Paulus Kruger is op 10 Oktober 1825 in die distrik Steynsburg gebore. God het hom op 'n bepaalde tyd en met 'n baie besondere karakter as leier van ons volk beskik. Hy was egter meer as net 'n besondere leier. Hy het simbool van die Afrikaner se vryheidsideaal geword.

Vryheid was vir Kruger ononderhandelbaar en sy hele lewe was 'n trek na, 'n geveg vir en 'n gepraat en onderhandeling om die vryheid van sy mense te verseker: Eers vryheid in Christus en daarna vryheid as volk voor Christus. Vryheid in Christus was genoeg rede om vir die vryheid van sy volk te stry. Vir Kruger was die wesenlike van vryheid gerig op vier vlakke, waarvan daar nie op een van hulle toegegee kan word nie, naamlik geloof, regering, regspleging en ekonomie.

Tydens sy begrafnis op Vrydag 16 Desember 1904 by die Kerkstraat Begraafplaas in Pretoria, spreek generaal Christiaan de Wet die skare toe met die woorde:

“Sy dade spreek nog, sy dade leef nog, ja, sal eers nou leef vir ons as ons reg wil waardeer wat God ons in hom gegee het.” Wat het hy nagelaat wat ná sy dood vandag nog tot ons spreek?

In die eerste plek was dit nie sy menswees nie. Ook nie sy besonderse sterk leierskap nie. Dit was nie die feit dat 15 000 mense vir sy begrafnis opgedaag het nie. Dit was iets anders, iets wat ons 200 jaar later weer aan hom laat dink en ons tot nadenke stem.

Kruger was onwrikbaar in sy geloof. Hy het in God se voorsienigheid vir sy volk geglo. Hy was 'n beginseldenker wat nie 'n aks sou terugstaan op grond van Skrif en belydenis nie. Sy menswees en karakter was tekenend van die volk waarvan hy deel was – 'n jong volk nog aan die opgroei, maar 'n volk wat in God en sy voorsienigheid gevorm en gebou is. Kruger was sterk, dog nederig. Hy was gewild, dog gerespekteer. Hy was gelowig en vol integriteit. Vir sy mense was hy “Oom Paul”.

Hierdie karaktereienskappe het 'n blywende indruk op die wêreld gehad. Daarom ontvang hy 63 gedenkpenninge en medaljes oor 'n tydperk van 70 jaar. Hy was vir 'n groot deel van sy volk se bestaan gewoon net daar: Deel

van die Groot Trek, by Vegkop, die Bloukransmoorde, twee Vryheidsoorloë, die kerkstryd, die volkstryd, die onderwysstryd. Hy was 'n man van vrede, al was sy hele lewe 'n stryd.

Uit sy lewenstydlyn, enkele sake:

- 1850** Hy versamel handtekeninge as beswaar teen die aanstelling van 'n militêre leier deur die volksraad.
- 1851** Hy word veldkornet van sy gebied, 'n belangrike posisie in die jong Transvaalse republiek.
- 1851** Hy is deel van die onderhandelinge om wyer erkenning van die Republieke se onafhanklikheid.
- 1852** Hy help stuit 'n ekspedisie teen die Tswana-leier, Sethele, en organiseer die versoening tussen Pretorius en Potgieter.
- 1854** Hy neem deel aan die Mankopane- en Mokopane-veldtogte.
- 1855** Hy help om die grondwet vir die ZAR op te stel.
- 1857** Hy dien as adviseur vir die eerste president van die ZAR, MW Pretorius.
- 1858** Hy oortuig MW Pretorius om die gesag van die Republiek teen Schoeman te handhaaf.
- 1858** (Junie): Hy besoek die Basoetohoof en sluit 'n vredesooreenkoms.
- 1859** Stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hy is een van die eerste lidmate.
- 1863** Hy word as kommandant-generaal aangestel.

- 1864** Hy hanteer 'n botsing tussen Viljoen se landmag en sy staatsmagte.
- 1869** Hy verslaan Mapela en beding 'n vredesooreenkoms.
- 1874** Hy word as 'n nieamptelike lid van die Uitvoerende Raad van die Volksraad benoem.
- 1882** Hy wen die eerste verkiesing in 10 jaar oortuigend.
- 1883** Hy word as president aangewys en kondig onmiddellik 'n beleid van onvoorwaardelike Christelikheid aan.
- 1883** Met 'n konsessiebeleid hanteer hy die finansiële krisis van die ZAR en stel ook 'n nuwe onderwysbeleid voor.
- 1888** Hy word herverkies as president.
- 1893** Hy word vir 'n derde keer as president verkies.

Op 14 Julie 1904 sterf Oom Paul in Clarens, Switzerland – 'n groot en geliefde leier wat na homself slegs as 'n skaapwagter verwys het. Titels en eer was nie vir hom voorop nie. Vir hom was die beginsels: geloof en vryheid.

Wat 'n merkwaardige leier het ons gehad in die persoon van Paul Kruger. Waaroor kan dit vir ons anders gaan as geloof en vryheid? Dit is genoeg. Ons onthou wie hy was en ons leer dit aan ons kinders. Ons leer hulle van geloof en vryheid en hoop en moed. Sy leierskap is ons tot voorbeeld. Die strewe na vryheid is nie 'n ligtelike saak nie. Daaraan herinner die geboortedag van Paul Kruger ons weer. ☺

1. Hoof van Solidariteit Helpende Hand.



PRYS: R250



PRYS: R260



PRYS: R240

www.ligindustrialis.co.za



Een, heilig, algemeen en apostolies

Ds. Johan Schütte¹

'n Besoeker wat ons eredienste gereeld bygewoon het, het my een Maandag hoogs ontsteld geskakel en gevra ek moet hom dringend kom sien oor iets wat ek tydens die erediens gesê het. Met die intrapslag vra hy: "Van wanneer af is ek 'n Apostool?"

Sy ontsteltenis gaan toe oor die Geloofsbelydenis van Nicéa wat ons tydens die erediens bely het en spesifiek die sin: "Ek glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk." Ná meer as 50 jaar van aktiewe lidmaatskap in een van die sogenaamde susterskerke, was dit die eerste keer wat hy hierdie woorde gehoor het.

Wanneer ons Nicéa ná 1 700 jaar herdenk, sal ons 'n groot fout maak om te aanvaar dat almal dieselfde waardering het vir hierdie kosbare juweel wat deur die eeue heen deur die kerk van Christus bely is. Die idioom "onbekend maak onbeminde" is hier heel gepas.

Maar dit is so jammer, veral ten opsigte van hierdie spesifieke sinsnede. Dit is nie net deel van die Geloofsbelydenis van Nicéa nie, maar het ook deel geword van ons ander belydenisskrifte (vgl. NGB art. 27 e.v., HK So. 21). Om hierdie woorde saam met die kerk van die eeue te bely, is nie bloot om te sê wat ons oor die kerk glo nie, maar dit is 'n belydenis waarmee ons openlik getuig dat ons deel is van hierdie ewige, ontsaglike groot weermag wat die poorte van die

doderyk oorwinnend stormloop en God se koninkryk laat kom.

Of klink dit vir jou heeltemal te romanties en totaal uit voeling met jou week-tot-week-belewenis in jou plaaslike, sukkelende kerk? Wat het Nicéa met 'n gemeente op die Vrystaatse platteland te doen? Hoe kan Afrikaanse PROTESTANTSE kerke bely dat hulle apostolies is? Hoe kan ons gemeente wat in 1987 tot stand gekom het, van kerkeenheid praat?

Niceense eenheid

Die kerk wat in die Geloofsbelydenis van Nicéa beskryf word, word hier en nou sigbaar in elke plaaslike kerk waar Christus, deur die Geesgedrewe diens van sy geroepe ampsdraers, sy kudde rondom sy Woord en sakramente vergader. Die geloofseenheid van die gelowiges in elke plaaslike kerk moet vir ons kosbaar wees, net soos die eenheid wat ons met gelowiges oor al die eeue heen het.

Die versoeking is om te strewen na 'n utopiese tyd in die vroeë kerk wat deur 'n algehele eenvormigheid gekenmerk is. Die Nuwe Testament en 'n paar historiese werke sal jou baie vinnig oortuig

dat jou utopiese prentjie eerder historiese fiksie as die werklikheid is. Die eenheid van die kerk was allermens die institusionele, organisatoriese of strukturele eenheid waarvoor deesdae gepleit word. Die Niceense eenheid gaan oor die eenheid in die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (vgl. Jud. v. 3). Dit is 'n eenheid op grond van die apostoliese fondament waarvan ons in Efésiërs 2:20-21 lees. Dit is die eenheid waarvoor Christus in Johannes 17:21-22 gebed het: ... *dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees ...*

Hierdie vers is veral treffend omdat die eenheid van die kerk waarvoor gebed word, 'n uitdrukking moet wees van die eenheid tussen die Vader en die Seun. Nogal juis die saak waaroor daar by Nicéa besluit moes word. Dit gaan dus om 'n geestelike, wesenlike eenheid wat die sigbare verdeeldheid oorskry.

Christus se gebed was nie oneffektief nie. Hy word nie gyselaar gehou deur ons dade of samewerking nie. Wat in praktyk wel gebeur, is dat plaaslike kerke tot mekaar aangetrek word waar

daar eenheid in geloof is; waar daar eenheid in dieselfde belydenis is. Hulle word tot mekaar aangetrek deur die onsigbare band van die geloof. So kan die ouderlinge van Antiochië en Jerusalem saam vergader om die bedreiging van die suiwere leer te bespreek (vgl. Hand. 15). Dit was 'n uitdrukking van die eenheid waarvoor Christus gebid het.

Dit is allermens om die kleinste gemene deler te vind en dan daarmee tevrede te wees. Nee, dit sal 'n oppervlakkige eenheid wees. Ons word geroep om dieper te graawe in die waarheid van die Woord en so mekaar en ons eenheid op dieselfde fondament te vind. Sodoende sal ons ook die versoeking vermy om ons verskille met ander gelowiges óf te minimaliseer, óf te oordryf.

Juis in hierdie erkenning van die bestaande eenheid en die strewe na uitdrukking daarvan, speel die Geloofsbelydenis van Nicéa die rol as samebindende belydenis wat uitdrukking gee aan die één geloof wat deur die eeue bely is. Daar is 'n hegte eenheid tussen gelowiges wat hierdie belydenis oor die eeue heen van geslag tot geslag saam bely het.

Niceense heiligheid

Net soos die eenheid van die kerk, word ook die heiligheid van die kerk deur gelowiges as 'n geloofsartikel bely. Dit moet duidelik gestel word dat met "heilig" nie sonderloos bedoel word nie, maar die woord word volgens die Bybelse betekenis van "afgesonder vir God" gebruik. In die Bybel word alles wat aan God behoort, heilig genoem, afgesonder van die sonde en wêreld en aan die Here gewy.

Na haar diepste wese is die kerk van Christus heeltemal vlekkeloos. Dit sou 'n belediging van God se heiligheid wees om selfs net voor te stel dat daar enige sonde aan die liggaam van Christus sou kleef. Dit is hierdie heilige kerk van Christus wat op 'n spesifieke tyd en plek sigbaar gemaak word in elke plaaslike kerk. Daarom praat die Skrif ook van die gelowiges in elke plaaslike kerk as heiliges. Natuurlik erken ons dat dit op hierdie aarde altyd 'n gebrekkige uitdrukking is van die heiligheid wat ons in Christus het. Lede van 'n plaaslike kerk is nog vol swakhede, gebreke, sonde en foute. Selfs in die Nuwe Testamentiese gemeentes was dit aanwesig. Dink maar net aan alles wat fout was in die gemeente in Korinthe, en tog word hulle aangespreek as *die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges* ... (1 Kor. 1:2).

Hierdie woorde gee vir ons die sleutel om die heiligheid van die kerk mee te verklaar. Dit is 'n heiligheid "in Christus". Omdat die gelowiges deur die gawe van die geloof een met Christus en met mekaar is, moet hulle nou ook heilig wees soos wat die Here heilig is. Dit is nie 'n oproep om iets te wees wat hulle nie is nie, maar 'n herinnering om juis dit te wees wat Christus hulle alreeds gemaak het en waarmee die Heilige Gees steeds besig is, naamlik heiligmaking. Ons maak elke dag vordering met hierdie heiligheid, maar het nog nie volmaaktheid bereik nie. Dit is wel die eindpunt waarheen ons op pad is.

Die kerk is heilig, want Christus se heiligheid word ons deur die geloof toegereken. Die kerk is

heilig, want ons wandel al hoe meer na die Gees en nie na die vlees nie.

Om die heiligheid van die kerk te bely, is om te getuig van die heilige God se handeling met sy verbondsvolk. Die wonder is juis dat dit 'n heiligende handeling is. Ons besef maar net opnuut dat dit nie "ons" kerk is nie. O nee, dit is God se kerk en juis omdat die kerk deur sy werk tot stand kom, kan ons bely dat hierdie kerk heilig is. Die volk van God is 'n heilige volk. Die liggaam van Christus is heilig en die tempel van die Heilige Gees is heilig. Die kerk is heilig omdat ons in die bloed van Christus gewas is. Ons is geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Nicéa se algemene kerk

Die kerk as vergadering van die ware gelowiges omspan alle tye en het onafgebroke sedert die skepping bestaan en sal tot in ewigheid bestaan. Hierdie kerk het nie op Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees ontstaan nie, maar het reeds in die Paradys begin. Dat hierdie algemene kerk oor die eeue sigbaar geword het, wys op die getrouheid van Christus. Om vir 1 700 jaar al saam met gelowiges die Geloofsbelydenis van Nicéa te bely, is om te ervaar hoe ons deel is van hierdie voortdurende werk van God wat besig is om sy kerk te vergader en te bewaar.

Nie net omspan die kerk van Christus alle eeue nie, dit strek ook oor alle plekke. Hierdie heiliges wat die Here vir Homself as kerk vergader, is reg oor die wêreld versprei en verstrooi. Dit is nie

1. Direkteur van Kerkadministrasie en dosent in ekklesiologie, AP Akademie.

geleë in, gebonde aan of beperk tot 'n bepaalde plek of sekere persone nie. Alhoewel daar verskille tussen kerke regoor die wêreld bestaan, vorm hulle deur dieselfde werk van die Heilige Gees deel van die algemene kerk van Christus. Wat hulle aan mekaar bind, is die Waarheid, want Jesus het gesê: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe* (Joh. 14:6).

Daarom handhaaf iemand soos Johannes Calvyn ook die algemeenheid van die kerk as deel van sy persoonlike belydenis en hy skryf in sy *Institusie* (4.1.9) dat “die universele kerk ’n menigte mense [is] wat uit alle volke versamel is; dit is geleë en versprei oor afgeleë plekke maar stem in die enige waarheid van die Goddelike leer ooreen en is deur die band van dieselfde godsdiens gebind. Hieronder word afsonderlike kerke wat met inagneming van die behoeftes van mense in dorpe en distrikte geleë is, so ingesluit dat elkeen van hulle tereg die naam en gesag van die kerk het”.

Niceense apostolisiteit

Dit is juis hierdie ooreenstemming met die waarheid wat ons bring by die belydenis van die kerk se apostolisiteit. Christus het sy kerk gebou op die apostoliese Woord. Hy het die apostels met die evangelie die wêreld ingestuur. Dit is hoe die kerk uitgekring het oor tyd en plek heen.

Dit gaan dus nie hier oor hedendaagse sektes soos die Ou Apostels of Nuwe Apostels of die Apostoliese Geloofsending (AGS) nie. O nee, ons bely saam met die kerk oor die eeue die apostolisiteit van Christus se kerk. *Ons is gebou op die fondament van die apostels*

en die profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is (Efés. 2:20).

Ons plaaslike gemeentes het nie in 'n vakuum ontstaan nie. Hulle is deel van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Dit is nie sonder betekenis dat “algemene” en “apostoliese” langs mekaar geplaas word nie. Ons onooglike klein samekomste is die sigbaarmaking van die onsigbare Kerk, en óf plaaslike gemeentes dit besef of nie, hulle is in dieselfde geslagsregister as apostels en ook die vierde-eeuse vaders wat die Geloofsbelydenis van Nicéa opgestel het. In ons geslagslyn is figure soos Paulus, Petrus en ook Athanasius en Nikolaas. Ons kerke verloor iets groot as ons hierdie sin vir familiegeskiedenis verloor.

Nicéa en die kerk op my dorp

Hierdie belydenis het dus alles met die kerk op my dorp te doen. Die een, heilige, algemene en apostoliese kerk wat in die Geloofsbelydenis van Nicéa beskryf word, word hier en nou sigbaar in elke plaaslike gemeente, ook die een op jou dorp.

Die oomblik wat God Drie-enig ’n sondaar uit genade red, word daardie sondaar deel van Christus se weermag. ’n Christen is iemand wat deur die Gees in “een liggaam” gedoop is (vgl. 1 Kor. 12:5), verlos is uit die “ryk van die duisternis” en oorgebring is na die “koninkryk van God se geliefde Seun” (vgl. Kol. 1:13), en ’n “lewende steen” wat saam met ander Christene *opgebou word as ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus* (1 Petr. 2:4-5).

Om ’n Christen te wees, is om lid te wees van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk, want God is besig om in die hemel te bind en los te maak. Maar hoe word dit wat in die hemel gebind en losgemaak is, op aarde gebind en losgemaak? Wie is verantwoordelik om die nuwe lid se status in die algemene kerk te verklaar en te bevestig? Aan wie gee Christus sy sleutels van die koninkryk om op aarde te bind en los te maak dit wat in die hemel gebind en losgemaak is (vgl. Mt. 16:18-19; 18:15-20)? Die antwoord: Plaaslike gemeentes soos joune!

Die kerk is die bruid van Christus; ’n volk uit elke stam en taal en nasie, wat van die grondlegging van die wêreld af uitverkies en deur die bloed van Jesus gekoop is. Hierdie algemene kerk word sigbaar gemaak in plaaslike gemeentes, en slegs in plaaslike gemeentes. Haar lede is wel oral teenwoordig, maar jy kan haar nie sien totdat die gelowiges in plaaslike kerke saamkom nie. Sonder klein gemeentes, sou enige sprake van die algemene kerk niksseggend wees. Die konsep bly spookagtig totdat dit gestalte kry met liggame, brood, wyn, water en Woord.

Dit is verstommend, en presies soos God, om hierdie “vreeslike leër” onder leiding van die Heilige Gees uit te stuur, gewapen met niks meer as ’n boek, water, wyn en brood nie. Maar op die een of ander manier is dit gepas dwaas (vgl. 1 Kor. 1:18-31) vir ’n gemeenskap wat verkondig hoe die dood oorwin is, toe die Lewensbron gedood is. ☹



“Ek bely een doop tot vergifnis van sondes”

Ds. Adriaan Bester¹

Hierdie artikel in die Belydenis van Nicéa wil wil vreemd op die oor val. Die formulering lei tot die vraag: Is daar dan meer as een doop? ’n Verdere vraag is: Is die doop dan noodsaaklik vir sondevergifnis?

Die bewoording van die artikel kom egter grotendeels uit die Nuwe Testament. In Efésiërs 4:5 skryf Paulus: *Een Here, een geloof, een doop ...* En in Handeling 2:38 sê Petrus op Pinksterdag:

Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

In die kerkgeskiedenis was en is daar baie dwaalleer oor die doop en in die besonder dat die doop red. Van die vroegste tye af was daar die dwaling van “baptismal regeneration”, wat beteken dat die doop redding bewerk of dat die persoon onder die doop weergebore word. Die doop word dus as noodsaaklik vir redding beskou en het ook tot die “nood-doop” gelei waar ’n baba so spoedig as moontlik gedoop moes word, veral as daar

tekens van siekte was of dit gelyk het of die baba sou sterf.

Net soos ons Skrif met Skrif vergelyk, moet ons ook ons belydenisskrifte met mekaar vergelyk om ’n voller en meer volledige beeld te kry van dit wat die kerk leer en om moontlike teenstrydighede uit te stryk. Hoe moet ons hierdie Niceense artikel in die lig van die Skrif en die besondere belydenisskrifte verstaan?

In die Heidelbergse Kategismus (So. 27 v/a 72, 73) word die vraag na die heilswaarde van die doop gevra:

VRAAG: *Is die uiterlike waterbad dan die afwassing van die sondes self?*

ANTWOORD: *Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.*

VRAAG: *Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?*

ANTWOORD: *God spreek so nie sonder gewigtige redes nie; naamlik nie alleen om ons daardeur te leer dat net soos die onsuiverheid van die liggaam, deur die water, so*

ook ons sondes deur die bloed en die Gees van Jesus Christus weggeneem word nie, maar veel meer, omdat Hy ons deur hierdie Goddelike pand en waarteken wil verseker dat ons net so seker van ons sondes geestelik gewas is, as wat ons uitwendig met die water gewas word.

In plaas van meer as een doop, bely Nicéa slegs een doop – die doop wat deur Jesus Christus ingestel en beveel is en dui hierdie een doop op ’n handeling wat nie herhaal behoort te word nie.

Die doop red nie en die doophandeling self is nie die afwassing van die sonde nie, maar is ’n Goddelike teken en seël van die afwassing en vergifnis van die sonde deur die soenverdienste van Jesus Christus alleen. Die doop getuig daarvan dat net so seker as wat die water die vuilheid van die liggaam afwas, neem die bloed en die Gees van Jesus Christus ook ons sondes weg en reinig en regverdig ons volkome. Calvyn maak die stelling dat Christus die substansie van al die sakramente is (vgl. *Institusie*, 4.14.16). Wanneer Christus en sy soenverdienste dus uit die oog verloor word, word

1. Leraar van die AP kerke Barkly-Oos/Steynsburg/Tarkastad/Stormberg.



FILIOQUE: 'n Nagedagte of kernsaak?

Ds. Arno Nieuwhof¹

Hoe voeg ons vandag by tot 'n debat wat reeds sedert 381 voortduur en grootliks bygedra het tot die skeuring tussen die Latyns-Westerse kerk (Roomse Kerk) en die Grieks-Oosterse kerk (Oosters-Ortodokse Kerk) in 1054? Tog is hierdie debat nog lank nie uitgedien nie. Op 29 Junie 1995 besoek Bartolomeus, patriarg van Konstantinopel, die destydse pous van die Roomse Kerk, Johannes Paulus II vir die fees van St. Petrus en Paulus. Tydens die diens is die Niceens-Konstantinopolitaanse Belydenis gesing. Dié keer was dit egter nie in Latyn soos gewoonlik nie, maar wel in Grieks (die oorspronklike taal van die belydenis) en sonder *filioque*². 'n Nuwe debat het hierdeur ontstaan, wat steeds vandag fel woed.³

Die byvoeging van *filioque* tot hierdie belydenis spruit uit die gevolgtrekking dat die Heilige Gees nie net van God die Vader uitgaan nie, maar ook van God die Seun.

Aanloop

Die Konsilie van Nicéa (325) het die eerste belydenis oor die Drie-eenheid van God in navolging van Athanasius in sy werk, *de Trinitate*, en die drie Kappadosiërs (Gregorius van Nyssa, Gregorius van Nazianze en Basilius die Grote) bely. Die Belydenis van Nicéa/Niceense Belydenis (sonder *filioque*) is tydens die Konsilie van Konstantinopel (381) uitgebrei, en tydens die Konsilie van Chalcedon (451) gefinaliseer.

Al die genoemde werke en konsilies het een doel voor oë gehad: Die weerlegging van die leer van Arius, ook Arianisme genoem, wat die wese en Godheid van Jesus Christus bevraagteken het. Die debat oor die eenswesenheid (Grieks: *homoousios*) van die Drie-eenheid

is met die besluite tydens hierdie sinodes as dogma vanuit die Skrif vir die kerk vasgelê.

Verloop

Vanuit die gedagtes van Augustinus en die drie Kappadosiërs is die Triniteitsleer binne die kerk aanvaar en geleer, maar dit het tog geroep om 'n aanvaarde, eenduidige standpunt. Die Konsilies van Nicéa, Konstantinopel en Chalcedon het die belydenis oor die Triniteit in beton gegiet. Die belydenis sou as die Niceens-Konstantinopolitaanse Belydenis bekendstaan (met *filioque*).

Die Roomse Kerk was van mening dat die eenswesenheid van die drie Persone van die Drie-eenheid nie genoegsaam aangedui is nie en die byvoeging van *filioque* het algaande veld gewen.

Die Belydenis van Nicéa (ook genoem *Niceanum*) is in die Weste vanuit Grieks in Latyn

vertaal. Na die mening van die Roomse Kerk moes die dubbele prosessie – dat die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan – verder verduidelik word.

Hierdie latere toevoeging tot die Geloofsbelydenis van Nicéa spruit uit die gedagte dat die Heilige Gees nie net van God die Vader uitgaan nie, maar ook vanuit God die Seun. Hierdie dubbele prosessie was die antwoord en bevestiging van die eenswesenheid van die Drie-eenheid. Hoewel die byvoeging met die Konsilie van Toledo (589) in Spanje reeds gemaak is, is dit nie deur die Roomse pouslike opeenvolging tot in 1014 erken nie. *Filioque* het egter reeds in 809 as standpunt voor pous Leo III gedien. Hy het dit aanvaar, maar was tog teen 'n byvoeging tot die Geloofsbelydenis van Nicéa gekant.

Die byvoeging van *filioque* sou egter tydens die Konsilie van Toledo in 589 baie veld binne

die Roomse Kerk wen en daarna nieamptelik in die liturgie van die kerk opgeneem word.

Die pous se amptelike, eensydige erkenning van die byvoeging van *filioque* tot die Niceens-Konstantinopolitaanse Belydenis in 1014 sou, saam met die erkenning van die Roomse pous se oppergesag, tot die skeuring van die Oosters-Ortodokse kerke en die Roomse Kerk in 1054 lei.

Die bedoeling met die erkenning van *filioque* in die Roomse Kerk se Niceens-Konstantinopolitaanse Belydenis was om die Triniteitsleer duideliker stel. Dit sou 'n skans word teen die transendente leer oor God in die Oosters-Ortodokse Kerk wat God as onkenbaar gestel het.

Die Roomse *filioque* is Bybels begrond deurdat daar in Johannes 15:26 van die Heilige Gees gesê word dat Hy van Christus sal getuig en dat Christus die Trooster, die Gees van Waarheid, sal stuur om van Hom te getuig. Verder word die Heilige Gees ook die Gees van Christus genoem in onder meer Galásiërs 4:6, Romeine 8:9 en Filippense 1:9.

Met die byvoeging van *filioque* wou die kerk aandui dat daar geen openbaring anders is as dié van Christus nie. Daar is dus nie iets soos 'n selfstandige openbaring van die Gees nie. Die

Gees bring nie nuwe waarhede buite-om Christus nie. Geen openbaring anders as dié van Christus kan die openbaring van Christus aanvul of verbeter nie – anders gaan dit altyd oor in 'n openbaring waarin Christus vervaag en later verdwyn.⁴ In die Oosterse Kerk is God die Vader, vanweë veral die tekort aan die agtergrond van *filioque*, in sy Godheid verskraal. Verder gaan die heil (verlossing) oor in 'n verheerliking van die skepping. Paasfees word dan minder die mens se opstanding en meer die verheerliking van die skepping. Sonder *filioque* word die Gees 'n krag – 'n geestesmag afsonderlik van die eerste twee Persone van die Triniteit. Hiermee verval die Oosterse Kerk daarin dat die Heilige Gees nie ook van die Seun uitgaan nie en beskou hulle die Seun en die Gees as ondergeskik aan die Vader!

In die Roomse Kerk het die verlossing van die individu op die voorgrond gekom en is die Drie-eenheid betrokke by die mens se verlossing. *Filioque* beteken om deur die Gees gelei te word om die Seun te ontdek wat die verlossing gee. Die Drie-eenheid is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die saligheid is die werk van die Drie-eenheid as geheel. *Filioque* is nie net 'n teologiese debat nie, maar raak die wyse waarop God aktief in ons lewens betrokke en teenwoordig is. Dit het 'n impak in hoe ons bid en hoe ons redding voor en ná die regverdigmaking lyk.

Kernsaak

Binne die gereformeerde leer het die gedagtes van die Roomse Kerk steeds geldig gebly. Die

Hervormers het by die Latynse vertaling van die Niceens-Konstantinopolitaanse Belydenis gebly en dus ook die *filioque*.

Die beginsel van *sola Scriptura* (alleen die Skrif) geld steeds en hierdie Skrif getuig dat die Gees ook van die Seun uitgaan. Saam met Johannes 15:26 getuig ons dat die Trooster deur Christus van die Vader gestuur is. Soos in Galásiërs 4:6 getuig ons dat God die Gees van sy Seun in ons harte uitgestuur het. In navolging van Romeine 8:9 bely ons dat as iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.

***Filioque* word kernsaak as ons vanuit ons Skrifverstaan daarby bly, soos wat God ons self deur sy apostels leer. Ons staan dus steeds by die treffende byvoeging tot die Belydenis van Nicéa. Op Bybelse gronde bely ons soos en saam met die Skrif die belydenis in sy geheel.**

Slot

Van Nicéa oor Konstantinopel en Chalcedon heen oor Toledo en die skeuring van die Oosterse en Westerse kerk, kry ons die spoor van *filioque*. 'n Noukeurige bestudering van die Skrif en die kerkgeskiedenis maak dit duidelik dat die byvoeging van “en die Seun” nie 'n fout of die gevolg van nuttelose hare kloof was nie. Dit was 'n kernsaak. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Ellisras.

2. 'n Frase wat vertaal kan word met “en die Seun”. Dit verwys na die Heilige Gees wat van die Vader en van die Seun uitgaan.

3. A.E. Siecienski, *The Filioque, History of a doctrinal controversy* (Oxford University Press, 2010), 3. Hierdie publikasie bied 'n onmisbare blik op die *filioque*-debat.

4. G.C. van Niftrik, *Kleine Dogmatiek* (CF Callenbach N.V. Uitgever, 1953), 224 e.v.



Nicéa en “Stille Nag”

Ds. Aubrey Hough¹

Hoe kosbaar om te dink dat die Geloofsbelydenis van Nicéa op ’n besondere wyse in sekerlik een van ons geliefste Kersgesange – “Stille Nag” – ingeweef is!

Die oorspronklike lied, “Stille Nacht”, is van Duitse oorsprong, maar het sy weg na Afrika gevind in die ou Nederlandse Halleluja van 1903, en later is dit in die Nuwe Halleluja van 1931 opgeneem met ’n Afrikaanse vertaling deur GBA Gerdener.

Oor die teks van “Stille Nag” skryf GG Cillié in sy bekende werk, *Waar kom ons Afrikaanse Gesange vandaan?* die volgende:

“In die oorspronklike Duitse teks word die klem geplaas op die rustigheid waarmee die Jesuskind lê en slaap, en later lê en lag, terwyl sy ouers by Hom waak. Die Afrikaanse vertaling van GBA Gerdener in die Nuwe Halleluja van 1931 het baie dieselfde strekking behou. Maar so ’n teks sou nie deug in ’n gesangboek met gereformeerde inslag nie; dit sou ook heeltemal indruis teen die beginsels wat neergelê is vir die liedere wat in die Gesangboek van 1978 opgeneem sou word. Daarom was dit nodig dat Izak de Villiers en Attie van

der Colf die teks ingrypend moes verander, hoewel hulle tog sekere uitdrukkings van die Gerdener-beryming behou het. Dit gaan nou om die betekenis van Jesus se koms na die wêreld, eerder as om die werklike en gewaande omstandighede op daardie eerste Kersnag.”



Oor hierdie beryming van 1978 en hoe dit tot stand gekom het, het ons die kosbare vertelling van De Villiers self. In die boek *Vrede op aarde*,² skryf hy in sy hoofstuk, “Kersfees se Kenwysie”, oor die 1978-beryming van “Stille nag”:

“Oor dié lied het die lede van die Hersieningskommissie van die Gesangboek mekaar enkele jaar gelede byna broederlik te lyf gegaan. Willie Serfontein,

die voorsitter, moes tot kalmte maan. ‘Rooms!’ het een lid geoordeel. ‘Soetlik,’ het ’n ander verdoem. ‘Ongereformeerde en behoort geskrap te word,’ was nog ’n beswaar.

Maar toe uiteindelik oor die ‘in’ of ‘uit’ in die Gesangboek gestem word, het die ja’s net-net die paal gehaal. Die beswaardes het Attie van der Colf en my aangesê om die woorde by die Afrikaanse kerklike tradisie aan te pas.”

De Villiers skryf verder dat daar “baie lank oor die woorde” nagedink is. “Die oorspronklike Duitse teks plaas die klem op die rustigheid van die Betlehem-gebeure: die Kind Jesus wat slaap en Maria en Josef wat wag hou.”

“Om die beswaar van ‘soetlikheid’ te omseil”, skryf De Villiers, “het ons die woorde van die beroemde Geloofsbelydenis van Nicéa in die Afrikaanse weergawe gebruik:

**Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind!
Loof die hemelse Kind!”**

Inderdaad ’n antwoord op “soetlike” Kersfees!

Die vraag wat die kerk van die vierde eeu in die Geloofsbelydenis van Nicéa moes beantwoord, het oor die Godheid van

Christus gehandel. Die kerk moes antwoorde vind en belydend antwoord op die dwaalleer van Arius wat die Godheid van Christus bevraagteken het, ontken het dat Christus deur die Vader geskep is en dus nie God is nie en derhalwe ook daarmee die leer van die Drie-eenheid verwerp.

Die gevaar vir die kerk vandag is natuurlik dat ons nie noodwendig prinsipiële Ariane is nie, maar maklik praktiese Ariane kan wees. Dit is wanneer Jesus bloot gesien word as 'n goeie mens wie se voorbeeld ons moet navolg.

Dit is veral in Kerstyd wat hierdie siening maklik op die voorgrond kan tree in die "sentimentele" voorstelling van die "ag-siestog-baba-in-die-krip".

Nicéa het egter onomwonde die Godheid van Christus bely: "... God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader ..."

Aanbidding en belydenis

In die wysheid van Izak de Villiers en Attie van der Colf is die wese

van Christus en Kersfees in ons geliefde "Stille Nag" saamgevat deur die eenvoud van die eeueoue belydenis van die kerk te gebruik.

Laat ons "Stille Nag" daarom as heerlike middel van aanbidding sing, maar terselfdertyd as triomfale belydenis oor die Antwoord op die mensdom se verlorendheid "... God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God ..." ☺

1. Leraar van die AP Kerk Tzaneen.

2. 'n Boek met verskeie insette deur verskillende skrywers, byeengebring deur Linda Rode, Tafelberg 1990.

« Vervolg vanaf bl. 23

"Ek bely een doop tot vergifnis van sondes"


die sakramente skeefgetrek en verloor dit die Bybelse betekenis.

Die doop red nie, maar dit maak nie van die doop 'n tipe oorbodige aanhangsel nie. Die doop is 'n opdrag van Christus self en in die woorde van Bavinck is "die sakramente nie slegs 'n bevestiging van die 'voedingswaarde' van die

evangelie nie, maar vir die gelowige is dit die seëls van die ganse genadeverbond, van al sy beloftes, van die ganse Christus en al sy weldade". Die een doop word daarom ten nouste verbind met Christus en die verlossing wat Hy bewerk het. 1 Petrus 3:21 sê: ... *waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van*

die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete – deur die opstanding van Jesus Christus.

Nicéa is dus geensins besig om die Skrif te weerspreek nie, maar eerder om die Skrif na te spreek en daarom kan ons nie anders nie as om ná 1 700 jaar, steeds "een doop tot vergifnis van sonde" te bely. ☺



Die AP Kerkwerf-toep is hier!

Onthou jy die APK Sangbundel-toep?

Die het nou 'n nuwe baadjie én 'n nuwe naam!

Die AP Kerkwerf – met die Psalms en Gesange en selfs die kerklike boeke soos die belydenisskrifte, formuleer en geloftes – alles sommer in die palm van jou hand!

Soek "AP Kerkwerf" en laai die toep gratis af.





Die invloed van Nicéa: Kerkleer, politiek, Christendom

Hendrik Fourie¹

As ons aan die Konsilie van Nicéa dink, dan is dit gewoonlik in verband met die geloofsbelydenis wat ons Sondae bely. Die konsilie het egter nie net 'n invloed gehad op hoe die kerk haar geloof bely nie, maar ook op die gebied van kerkleer, politiek en die Christendom.²

Kerkleer

Vir diegene betrokke by Nicéa in 325, was Christus se Goddelikheid nie net sommer iets abstrak om oor na te dink nie. Dit het die wese van die Christelike geloof geraak – oor wie Christus is en sy werk as ons Saligmaker.

Arius, 'n ouderling in Alexandrië, was ook besorg oor wie Christus is.

Hy het geglo dat Christus deur die kerk verheerlik moet word, maar nie op dieselfde manier as die

Vader nie, want volgens Arius was Christus nie God nie, maar slegs 'n skepping van God. Verder het hy geglo dat Christus onderdanig aan die Vader is en dat hulle nie van dieselfde wese is nie. Sy siening oor Christus kan opgesom word in sy bekende stelling: “Daar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie.”

Daar moet onthou word dat Arius nie net blote logiese argumente wou maak nie, maar probeer het om sy standpunte uit die Skrif te verdedig. Sy verklarings was egter selektief en hy het

teksverse buite konteks gebruik. Hoe het konsiliegangers op sy argumente gereageer?

Vir Athanasius, 'n diaken van Alexandrië, het die debat nie gegaan oor filosofiese spekulasie of verse wat rondgeslinger word nie. Sy argument was dat Arius besig was om die wese van die evangelie aan te val. As Christus nie waaragtig God was nie, dan kon Hy nie sondaars verlos nie.

Sy ander argumente het gewys hoe die wese van die kerklike lewe deur Arius se leer aangeraak word.



Gelowiges sou nie meer tot die Vader in die Naam van Christus kon bid nie, want Hy sou slegs 'n skepsel wees.

Verder het Athanasius geredeneer dat Arius se leer groot probleme vir die doop veroorsaak, want die dopeling sou in die Naam

van die Skepper en 'n skepsel gedoop word.³

Die konsilie se besluite was gegrond in die Woord van God met die gevolgtrekking dat Christus waaragtig God is, van dieselfde wese as die Vader, gebore, nie gemaak nie, en dat Hy vir ons saligheid vlees geword het.

Politiek

Die debat oor Jesus se Goddelikheid sou nie net van groot belang wees vir die kerkleer nie, maar ook vir die politiek. Ongeveer tien jaar ná die Konsilie van Nicéa was Athanasius weereens in 'n stryd met die Ariane gewikkel. Die verskil was dat hierdie stryd nie meer slegs teologies was nie, maar ook polities.

Konstantyn se opvolger, Constantius II, het van sy voorganger verskil deurdat hy 'n aanhanger van die Ariaanse leer was. Hy het hierdie leer deur sy ryk versprei, veral sigbaar in sy stryd met Athanasius. Onder Constantius II sou Athanasius verskeie kere uit die Romeinse Ryk verban word. Hierdie keiserlike optrede sou

tot herbesinning oor die rol van die keiser in verhouding tot die kerk lei. In die verlede het die keisers die kerk vervolg, maar met Konstantyn se bekering was die kerk nie meer in gevaar nie, maar is in sommige opsigte deur die keisers ondersteun.

Oor die politiek het beide die ortodokse Christene en Ariane sekere oortuigings gedeel. Beide het geglo dat Christus die Hoof van die kerk is, dat die keiser deur God ingestel is en dat koningskap behels het dat 'n koning volle beheer uitoefen oor 'n vasaal of onderhorige heerser.

In hierdie debat sou beide Ariaansgeoriënteerde keisers en volgelingen van Arius ten gunste wees van direkte keiserlike beheer, dus staatsbeheer, oor die kerk. Hulle sou hierdie standpunt verdedig aan die hand van hul siening oor God die Vader en die Seun.

Volgens die Ariane was die Seun aan die Vader ondergeskik, dus moes die Seun se koninkryk (die kerk) aan die Vader se koninkryk (die ryk) ondergeskik wees.

Biskoppe moes dus onderdanig wees aan die gesag van keiser, want hulle kry hul gesag van die keiser.

Ortodokse Christene het gereageer deur hulle Godsbeskouing ook op die politiek toe te pas. Omdat die Seun van dieselfde wese as die Vader is, beteken dit ook dat die Seun se koninkryk en die Vader se

koninkryk van gelyke waarde is. Die kerk is nie bo die staat nie en die staat is nie bo die kerk nie en daarom het biskoppe en die keiser dieselfde gesag in hul eie sfere.

Prakties het hierdie sienings die volgende beteken: Vir Ariane was die keiser bo die kerk en kon dus nie onder kerklike tug geplaas word nie. Vir Ortodokse Christene was die keiser nie bo die kerk nie, maar deel daarvan en kon dus getugtig word.

Christendom

Nicéa het nie net 'n invloed op kerkleer en politiek gehad nie, maar was ook 'n belangrike draaipunt in die geskiedenis van die Christendom. Soos reeds bespreek, is die kerk nie meer deur die staat vervolg nie, maar in sommige opsigte selfs deur die staat ondersteun. Dit het beteken dat die kerk, ná Nicéa, die vervolging van die eerste drie eeue agtergelaat het.

Die kerk het dus in hierdie tyd nie net in die Romeinse Ryk floreer nie, maar regoor Noord- en Wes-Europa versprei. Baie leiers van hierdie gebiede het geglo dat die kerk in alle aspekte van die lewe sentraal moet wees en die kerk het positief gereageer en die sentrale rol in die lewe van baie mense ingeneem.

Hierdie gekerstende leiers het ook hulpbronne aan die kerk gebied sodat sy sendingwerk in Europa kon doen. Ná Nicéa sou sendingwerk onder baie van die Europese volkere gedoen word, byvoorbeeld die Germane.

Die post-Niceense Romeinse Ryk en kerk was ongelukkig nie

sondeloos nie. Baie keisers ná Konstantyn was meer besorg oor wêreldse rykdom as om God te aanbid. Dit is hierdie optrede van latere keisers wat dikwels regdeur die geskiedenis van die Christelike geloof kop uitgesteek het.

Die feit dat die kerk ook nie meer vervolg is nie, maar die ondersteuning van die heersers kon geniet, het ook sy bepaalde probleme gehad – Christene het al hoe meer wêrelds begin word.

Die verwêreldsing van die kerk sou uiteindelik daartoe lei dat Christene na woestyne of berge uitwyk. Hulle sou as monnike bekendstaan. Vir hierdie monnike was dit belangrik om van wêreldse begeertes te ontsnap om die Skrif te bestudeer en Christus te vind.

Evaluerings

Wat beteken Nicéa vir ons?

Eerstens wys dit vir ons dat die Drie-Eenheidsleer (Triniteitsleer) nie deur keisers of kerkvergaderings uitgedink is nie, maar dat hierdie leer sy wortels in die Skrif het.

Tweedens, of ons dit wil erken of nie, ons geloof het uiteindelik 'n invloed op die manier waarop ons politiek beoefen, hetsy ten goede of ten kwade.

Laastens leer ons ook as kerk in die 21ste eeu om altyd te waak teen die invloed van die wêreld en hoe maklik wêreldsheid die kerk kan binnedring. ☹️

1. Teologiestudent, Afrikaanse Protestantse Akademie.
2. M.A. Noll, *Turning Points: Decisive Moments in the History of Christianity* (Grand Rapids: Baker Academic, 2012), 44-56.
3. Athanasius, NPNF2-04. *Athanasius: Select Works and Letters* (Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Library), 940.



AP KERK BRAKRIVIER

Vroeg begin is half gewin

Kleinkoekies bak is al eeue bekend en vanjaar het Brakrivier dit in spanne aangedurf. Ons hou in Desember basaar, maar die susters het besluit om sommer in Julie reeds koekies te begin bak en te verkoop. Aan die hoof van die bakkerij was ons sjef, Petro Dickson. Daar is nou 'n vrou wat op haar voete kan dink. Sy het op elke bakdag haar eie bakgerei op en af gery, dit uitgepak en ingedra en aan die einde van die bakdag dit weer motor toe gedra, net om dit weer by die huis uit te pak – tot môre.

Dag vir dag het die bakspan by die kerkkombuis opgedaag – tien van hulle plus drie manne vir die swaarder werk. En dan neem agt soorte kleinkoekies vorm aan – deeg uitrol, patrone uitdruk, bak en daarna die versiersuikerlagie tussenin sit. Elke suster in die kerkverband weet hoe dit verloop. Die pakwerk is ook GROOT WERK. Staan en staan en nogmaals staan en pak om elke pakkie aantreklik te laat lyk. Tussenin 'n gawe siel wat cappucino skink. Wat regtig baie goed verloop het, was die verkope aan die lidmate. Wys jou: Ons het maar almal 'n plekkie vir 'n soetheidjie in ons lewe.

Kieries word weer latte!

Broer Frits en suster Ina van Tonder het met die idee vorendag gekom: 'n speletjiesoggend by die kerk in plaas van 'n Kierie-uitstappie! Ons het aan ons stywe litte en rumatiek gedink, maar hulle was vasberade: Ons hoef nie stokou Kieries te wees nie. Ons kan weer jong latte wees! Op Woensdagoggend 11 Junie daag meer as 20 Kieries op. Ons is gou-gou in vier groepe verdeel om in groepsverband teen mekaar mee te ding. Daar was vier aktiwiteite: kettieskiet, geheuetoots, visvang en Bybelkennis. Dit het alles gelyktydig plaasgevind en jy sou by jou groep moes bly.

Frits het self al die ketties gemaak en boonop sy kleinseun saamgebring om die ou geheues te verfris. Die teiken was 'n leë blikkie, die skietding – 'n Dawidsklip. Ons kon nie mis nie ... Die volgende buitemuurse aktiwiteit was visvang – sonder water, hoek of aas. Die vis was 'n leë bottel en die "visstok" is met 'n ring toegerus. Die idee is om daardie ring om die nek van die bottel te kry! Daarna is die groep binnetoe om die "wys-my-sê-my-toets" af te lê. Ina het 'n skinkbord vol voorwerpe gebring wat met 'n lap bedek is. As sy die lappie vir 'n paar sekondes ophig, moet jy vinnig memoriseer. Hierna moes die een ná die ander sê wat hulle op daai skinkbord gesien het! Die Bybelkennis was ook baie interessant. Daar is tien vrae gevra en enigeen in die groep kon dit antwoord. Vir elke regte antwoord, is daar een punt toegeken. Die uitslae het gewissel van vyf tot nege uit tien. Ná alles afgehandel en opgeruim was, het ons aangesit vir 'n driegangmaaltyd wat deur sjef Petro voorberei is.

Janine du Plessis



Sjef Petro Dickson



Die bakspan



Karel vang vis

AP KERK PRIESKA

Vrouwees

Die susters van die AP Kerk Prieska het op Saterdag 9 Augustus vrouwees gevier met 'n heerlike damestee wat hulle vir lidmate en vriendinne in die gemeenskap aangebied het. Spreker Johanna Koortzen het hulle herinner aan hul rol as vroue in die gemeenskap, by die kerk en by die huis: "Dit is belangrik om te weet dat jou roeping nie noodwendig jou lewe lank dieselfde sal wees nie. Jy word geroep na die plek waar God jou op daardie tydstip die beste kan gebruik."

Gemeenskappe oral in die land word deur geweld geteister. Baie gesinne verkeer in krisis. Annemi du Plessis van Prieska is 'n lewens- en welstandsafrieter. Tydens die damestee het sy dames ingelig oor hulp wat vir getraumatiseerde vroue beskikbaar is. Sy het hulle herinner dat daar 'n groot verskil is tussen oorleef en om te streef. Annemi wil in haar praktyk mense help om, aan die hand van 'n Christelike benadering, vry te kom van daardie dinge wat hul lewens aan bande lê.

Ná afloop van die program is daar heerlik gesing en lekker gekuier. Die susters van die gemeente het hul gaste behoorlik bederf met lekker eetgoed en almal was dit eens dat vroue meer gereeld op hierdie manier moet saamkuier.

Betsie du Pisanie



Johanna Koortzen



Annemi du Plessis



Geselligheid

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis, 1½ badkamer, sitkamer en eetkamer. Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.

Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves. Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar. Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.



AP KERK HUGENOTE-VALLEI

Ons koster

Die AP Kerk Paarl is op 30 Augustus 1987 gestig. Die naam is in 1996 na AP Kerk Hugenate-Vallei verander omdat dit so 'n wye gebied hier in die Hugenate-wêreld bedien. Ons hemelse Vader het voorsien, 'n erf is in Wellington gekoop, kerkbou het weldra begin en so goed gevorder dat die eerste erediens reeds op 1 April 2001 in die nuwe kerkgebou kon plaasvind.

Charles en Kitty du Plessis het in 1995 by die AP Kerk Paarl vanaf die AP Kerk Namakwaland aangesluit toe hulle van Kleinsee na Wellington verhuis het. En sommer van die begin af het oom Charles en tannie Kitty hul kragte heelhartig by hul nuwe geestelike tuiste ingespan. Niks was ooit vir hulle te veel moeite of opoffering nie.

Oom Charles het 'n baie groot rol gespeel gedurende die tydperk van kerkbou en het

ook vir baie jare as ouderling op die kerkraad gedien, eers toe dit nog bekend was as AP Kerk Paarl en daarna AP Kerk Hugenate-Vallei. Steeds was hy diensvaardig en op sy pos en altyd bereid om betrokke en van hulp te wees waar en wanneer nodig. As iemand ooit onbaatsugtige diens gelewer het en steeds lewer, is dit hy!

Sedert 2023 is oom Charles die koster van Hugenate-Vallei, 'n taak wat hy met die grootste sorg en getrouheid uitvoer, met tannie Kitty altyd in die agtergrond met haar getroue ondersteuning, soos nog al die jare tot nou toe. Albei is reeds 90 jaar oud, waarvan 66 jaar as huwelikspaar. Die AP Kerk Hugenate-Vallei kan ons hemelse Vader net dank vir sy milde seën en genade uitgestort oor hom en sy vrou, én oor ons gemeente!

Ingestuur

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgeenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGEENOTE SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: SEPTEMBER 2025 (BL. 22)

1	M	O	O	R	D	2								3	O	N	D	E	U	4	G
E				O		5	H	A	R	T			N							E	
N		6	V	R	O	U	E						R				7	G	O	D	
S				D		M		8	H	A	T	E	R	9	S					A	
E						E							I		K					N	
				10	O	O	R	L	E	G	G	I	N	G	E					K	
				N									H		N						
11	H	A	R	T	S	T	O	G	T	12	E			E		13	K	R	A	14	G
O				R							W			I						E	
E				O			15	B			I			D			16	M		P	
R		17	S	U	18	L	K	E			G				19	L		A		R	
E		K			E		T		20	V	E	R	D	I	E	N				Y	
R		E		U		A		O						G		N				S	
Y		P		E		21	A	M	E	N				G		E					
			S		N		M		L		22	G	E	A	G						
			E						S						M						
	23	S	L	E	G	T	E							24	H	E	B	S	U	G	

AP KERK DELMAS

Belydenis van geloof

Op 10 Augustus het ons met vreugde en dankbaarheid Geraldine Lubbe as nuwe belydende lidmaat verwelkom. Ds. Pieter van Deventer het die spesiale diens waargeneem.

Geraldine, ons wens jou 'n ryke en geseënde toekoms toe en ons weet dat waar jy ook al mag gaan, jy 'n opregte dienaar van die Here sal wees.

Fransesca Pretorius



Belydenis van geloof

SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**



GROENKLOOF, PRETORIA

Tuinwoonstelle beskikbaar in veilige en rustige omgewing met beheerde toegang:

Sentraal geleë: naby UP Hoof- & Groenkloofkampus, Loftus, hospitale, winkelsentrums, goeie skole en hoofweë.

- Kombuis
- Wasmasjien
- Aparte badkamer
- Elektriese toegang
- Onderdak parking
- Hoëspoed internet




Twoe slaapkamer (R12 000 pm)

- Gedeeltelik gemeubeleerd

"Bachelors"-tipe (R6 000 pm)

- Gemeubeleerd

Tree in verbinding met Gerda Petzer
082 780 5526
charl.petzer1@gmail.com




Lig in Duisternis
UITGEWERS

*Die katte van Kathu sit hul dorp
oppi mep-skryfkompetisie*

Groot kontantpryse vir jong skrywers!
Skryf nou jou eie verhaal in oor een van die katkarakters in *Die katte van Kathu*.

Prysborg
AfriForum

Prysgeld

5 tot 7 jaar:	R1 000
8 tot 10 jaar:	R2 000
11 tot 14 jaar:	R4 000
15 tot 18 jaar:	R5 000




Is jou kind lief vir skryf? Het jy 'n leerling met skryftalent? Dan is hierdie vir JOU!

Besoek ons webblad vir meer inligting:
www.liginduisternis.co.za/katteklets




AP KERK WONDERBOOM

Oudste lidmaat verjaar

Tannie Ella Potgieter het haar 105de verjaarsdag op 22 Julie gevier. Sy is die oudste lid van Silwer Jeug en oudste lidmaat van ons gemeente en woon in Pretoria-Noord. Ten spyte van haar ouderdom, dra sy haar jare met grasia. Sy is swak en die bene wil nie altyd saamwerk nie, maar met haar vlymskerp brein en humorsin, is daar niks fout nie. Sy was ongelukkig onlangs in die hospitaal, maar is weer tuis onder haar dogter Welma Jacobsz se liefdevolle versorging.

Baie geluk, liefste tannie Ella! Ons hartlike wense vir nog 'n hele paar gesonde jare. Ons salueer jou.

Die Silwer Jeug (Ella de Jonge)



Tannie Ella Potgieter

AP KERK CULLINAN-RAYTON

'n Dubbele seën

Op 27 April het die lidmate van die AP Kerk Cullinan-Rayton die besondere voorreg gehad om getuies te wees van 'n unieke gebeurtenis: twee kleinneefs wat op dieselfde dag gedoop is. Hendrik en Susan Steyn het hul seuntjie, Jean-Hendrik, laat doop, terwyl Henry en Lena Yzelle hul seuntjie, Rudrich, ten doop gebring het. Wat hierdie geleentheid nog meer besonders maak, is dat Susan en Lena (niggies van mekaar) se seuntjies ook op dieselfde dag gebore is. Die diens is waargeneem deur ds. Willem van Schalkwyk, onderskeidelik oupa én oom van die dopelinge. Die doop self is bedien deur hul oupagrootjie, prof. Roelof Maré.

Hierdie dubbele seën laat 'n mens onwillekeurig dink aan vers 3 van die beryming van Psalm 128: "Soos jong olyfboomplante, wat uitspruit sterk en fris, so bloei aan alle kante jou kinders om jou dis. O, wie van dié getal is, hy wat die HERE vrees, vir wie God een en al is – hy sál geseënd wees."

Nuwe kerkbanke

Op 13 Julie het ons die voorreg gehad om ons eie kerkbanke in gebruik te neem. Die kerkbanke kom oorspronklik van 'n NG Kerk in Krugersdorp af, maar ons het dit bekom van 'n funksielokaal naby Heidelberg. Dit was verwaarloos, maar kon pragtig gerestoureer word vir gebruik in ons kerkgebou. Dit gee die plek van aanbidding 'n meer kerklike atmosfeer. Ons dank gaan uit na die broeders wat die banke aangery het, en sonder om name te noem, ook vir die puik restaurasie en skenkings wat dit moontlik gemaak het. Natuurlik ook ons dank aan ons hemelse Vader dat hierdie banke oor ons pad gekom het.

Ingestuur



'n Dubbele seën



Nuwe kerkbanke

AP KERK DERBY

Vroueoggend

Op Saterdag 15 Maart is 'n damesoggend vol inspirasie en kreatiwiteit by die AP Kerk Derby aangebied. Die tafels was kleurvol gedek en heerlike eetgoed en drinkgoed is voorsien.

Die tema "Vorm my" is deur Riana van Tonder aangebied. Elkeen van ons is klei in die Here se hande en Hy brei ons elke dag net soos 'n pottebakker besig is om 'n bak te vorm. Soms word ons, soos die klei, hard op die pottebakkerswiel gegooi of gerol om die lugblasies uit te kry: *U hande het my gemaak en my toebereid; maak my verstandig, dat ek u geboorte kan leer* (Ps. 119:73).

Vir sommige susters was die bol klei voor hulle 'n groot aantrekkingskrag en hulle het sommer tydens die gesprek al begin rol, druk en vorm. Ná die gesprek is almal se kreatiwiteit beproef, te midde van 'n opgewonde atmosfeer. Op die meeste susters se gesigte was intense konsentrasie om die klei te vorm. Elkeen het besef dat daar tog kreatiwiteit in haar is en baie oulike artikels het die lig gesien. Dit was 'n heerlike en gesellige oggend en baie nuwe vriendskappe is gesluit.

Môremerk

In April is die môremerk voor Derby Slaghuis gehou. Heerlike pannekoek, worsbroodjies, hamburgers, poeding, koek en beskuit is verkoop. Die groot aantrekkingskrag was die keramiekartikels wat te koop aangebied is en wat jy na hartelus volgens jou voorkeur kon verf. Klein en groot het daaraan meegedoen.

Stoepverkoop

Die susters verkoop elke einde van die maand, op Vrydag en Saterdag, boepensbroodjies en pannekoek voor Derby Slaghuis.

Nagmaalete

Die nagmaalete het op Moedersdag geval. Die tafels is vrolik gedek en soos gewoonlik is heerlike kos deur die susters voorgesit. Die broers het die opskep van die kos behartig en ook gesorg dat die kombuis netjies agtergelaat word.

Elaine Claassens



Vroueoggend



Vroueoggend



Stoepverkoop



Nagmaalete



Die Erasmus-kommissie en 'n politieke staatsgreep – Dr. Pieter Mulder



Kommissies van ondersoek word deur 'n regering gebruik om moeilike sake te ondersoek om so by die waarheid uit te kom. Dit kan ook gebruik word om die waarheid te onderdruk met die doel om sekere politieke doelwitte van die regering te bereik. Die Erasmus-kommissie in 1978 was so 'n kommissie wat die waarheid rondom die Inligtingsaga moes onderdruk.

Net twee kommissies in ons geskiedenis het die presidente van die land ondersoek. Die Zondo-kommissie 2018 vir president Zuma en die Erasmus-kommissie 1978 vir president Vorster.

Omdat topleiers soos Zuma betrokke was, is die adjunkhoofregter, Raymond Zondo, aangestel om hierdie ondersoek te doen. By die Erasmus-kommissie was die land se topleiers ook betrokke. Die inligtingsfeite het John Vorster (president), PW Botha (nuwe eerste minister), Owen Horwood (Minister van Finansies), Connie Mulder (Minister van Inligting) en moontlik die hele kabinet geraak.

Omdat topleiers betrokke was, het Mulder gevra dat die destydse hoofregter Rumpf die ondersoek doen. PW Botha ignoreer hierdie versoek en stel Rudolf Erasmus aan, wat nie 'n appèlhofregter was nie, maar 'n omstrede junior regter van die Vrystaatse provinsiale afdeling. Sy destydse aanstelling as regter was omstrede omdat beweer is dat hy slegs 'n regter geword het omdat hy die regsadviseur van die Nasionale Party (NP) in die Vrystaat was. Op 'n tydstip was hy ook die prokureur van die Vrystaatse NP-leier, mnr. Alwyn Schlebusch, 'n

PW Botha-ondersteuner. Erasmus se regsvermoëns is ook betwyfel nadat twee appèlregters van sy uitsprake ernstig gekritiseer het.

Deur hoofregter Rumpf te ignoreer en eerder Erasmus aan te stel, was die logiese afleiding dat die NP nie die volle waarheid as 'n bevinding wou hê nie. 'n “Veilige” regter wat beheer kon word, is gekies.

PW Botha was een van die moontlik skuldiges wat ondersoek moes word. Nog voor die ondersoek begin, bring Erasmus aan Botha 'n sogenaamde hoflikheidsbesoek wat langer as 'n uur geduur het. Wat is daar bespreek?

Daar is ook 'n geheime ete tussen Pik Botha en Erasmus die dag voor Vorster moes getuig. Teenwoordiges beweer dat Botha aan Erasmus gesuggereer het wat hy aan Vorster moes vra om hom skuldig te bevind. Dit was nou duidelik: Erasmus moes PW Botha en sy ondersteuners beskerm, terwyl Vorster, Mulder en hul ondersteuners skuldig bevind word.

Enkele voorbeelde van Erasmus se metodes:

Hofprosedures

Met 'n regter as voorsitter, word verwag dat die normale

hofprosedures wat billikheid verseker, gevolg sou word. In die hof word deursigtigheid verseker deurdat die hof vir die media en die publiek oop is. Regter Erasmus besluit sy ondersoek is in die geheim. Geen media of toeskouers word toegelaat nie.

Waar 'n getuie in 'n hof onwaarhede oor 'n ander persoon vertel, het daardie persoon die reg om die getuie daarvoor onder kruisverhoor te neem. Dit bly die beste manier om onwaarhede te ontbloot en feite te verifieer. Erasmus laat dit nie toe nie. Waar 'n getuie byvoorbeeld onwaarhede oor Vorster of Mulder vertel, kon hulle nie daarvan weet nie en dus ook nie daarop reageer nie. Hulle lees vir die eerste keer in die Erasmus-kommissie se verslag van onwaarhede wat oor hulle getuig is. Hierdie onwaarhede is nou bevindings van die kommissie.

Die gevolg hiervan is dat 90% van die Erasmus-kommissie se bevindings op ongetoetse getuienis gegrond was.

Selektiewe feite

Die Erasmus-kommissie het berekend sekere feite en dokumente geïgnoreer ten einde PW Botha-hulle te kon beskerm. Louis le Grange (Adjunkminister van Inligting) was verantwoordelik

vir verskeie geheime projekte wat ondersoek is. Hy is nooit geroep om te getuig nie. Was dit per ongeluk? Nee. Le Grange was 'n PW Botha-ondersteuner wat beskerm moes word.

Minister van Finansies

Dokumente waar Horwood, as Minister van Finansies, die begroting van die geheime projekte goedkeur, is deur Eschel Rhoodie (Departementshoof van Inligting) aan die Erasmus-kommissie oorhandig. Elkeen van die ses bladsye waarop al die projekte gelys was, is deur Horwood geteken. Toe Horwood met hierdie handtekening geconfronteer word, verduidelik hy dat hy elke bladsy met 'n stuk papier toegehou het toe hy geteken het sodat hy nie kon sien wat hy teken nie!

Die Erasmus-kommissie aanvaar hierdie ongelooflike verduideliking as die verantwoordelike optrede van 'n Minister van Finansies. Hulle bevind dus dat hy van niks geweet het nie.

Kabinetskomitee

In die sewentigerjare het dit duidelik geword dat die Departement van Inligting se amptelike metodes nie slaag om die aggressiewe propaganda-aanvalle van die ANC en ander vyande van Suid-Afrika in die buiteland te beantwoord nie. Op daardie tydstip koop die Arabiese lande in die geheim koerante in Europa wat dan subtiel teen Israel gebruik word. Die CIA en KGB het ook groot begrotings vir geheime propagandametodes.

Op 19 Maart 1974 neem die NP-kabinet 'n besluit dat die Departement van Inligting ook geheime projekte moet loods

om Suid-Afrika se beeld uit te dra. 'n Komitee word aangestel om toesig oor die projekte te hou. Dit bestaan uit Vorster (as eerste minister), Horwood (as Minister van Finansies) en Mulder (as Minister van Inligting). Hierdie kabinetsbesluit se datum asook die datums waarop die kabinetskomitee hul gereelde toesigvergaderings oor al die projekte gehou het, is aan die Erasmus-kommissie gegee.

Die kommissie stel nie daarin belang om die dagboeke van die ministers te vra waarin die verslagvergaderings se datums aangeteken is nie – ook nie die kabinetsnotule wat toeganklik was nie. Hulle bevind daarna dat daar nooit so 'n kabinetsbesluit of -komitee was nie en dat daar nie sulke verslagvergaderings gehou is nie. Hulle bevind Mulder en Rhoodie het op hul eie besluit om die projekte te loods.

Toe dr. Daan Prinsloo jare later as navorser deur die kabinetsnotules gaan vir sy boek *Stem uit die Wildernis*, is die Maart 1974-besluit duidelik genotuleer – presies soos Rhoodie en Mulder getuig het (vgl. *Stem uit die Wildernis*, 90).

Finansiering

Die geld vir die inligtingsprojekte is as deel van PW Botha se geheime verdedigingsrekening deur die Parlement geneem. Botha het jaarliks 'n sertifikaat geteken dat die geld korrek spandeer is.

Een van die geheime projekte was om die koerant *The Washington Star* in Amerika te probeer koop om so Amerikaanse politici te beïnvloed. Daar is getuig hoe die geld direk uit Botha se verdedigingsrekening na die Reserwebank en van daar

na Switserland oorgeplaas is ná 'n kabinetsbesluit. Dit kon nooit sonder die goedkeuring en handtekening van Botha gedoen gewees het nie.

Hierdie feite maak geen indruk op die Erasmus-kommissie nie. Hulle bevind dat Botha niks van die geheime projekte geweet het nie. Op 'n wonderbaarlike “Houdini-manier” het Mulder en Rhoodie dus die geld vir die inligtingsprojekte uit Botha se rekening gekry sonder dat hy dit geweet het of daarvoor geteken het. Geen departement werk so nie.

Slot

“Ons is óf almal duiwels, óf almal engele. Dit is 'n klug as die kommissie bevind dat party van ons spierwit, onskuldige engele is en die ander duiwels,” was Mulder se reaksie op die Erasmus-kommissie se verslae.

Ná verskeie hofsake is Rhoodie in die appèlhof op alle aanklagte onskuldig bevind en is niemand anders aan selfverryking skuldig bevind nie.

Aan die einde skryf Erasmus 'n boek met die eienaardige politieke titel: *Erasmus-kommissie, voorloper tot hervorming* (1995). Erasmus se ondersoek het niks met die NP se hervormingspolitiek te doen gehad nie. Dit was ná die inligtingsprojekte. Tereg het sommige kommentators daarom die Erasmus-kommissie-gebeure as 'n tipe politieke staatsgreep beskryf wat Suid-Afrika in 'n ander politieke rigting gestuur het. Daardeur het PW Botha ontslae geraak van die politieke denke van die Noorde wat selfbeskikking en vryheid voorgestaan het, en dit vervang met Kaapse liberale denke wat gelei het tot die Suid-Afrika wat ons vandag het. ☺



Lig in Duisternis
UITGEWERS

DRÁ JOU GETUIENIS!

I	- Ἰησοῦς	Iesous	Jesus
X	- Χριστός	Christos	Christus
Θ	- Θεοῦ	Theou	God
Υ	- Υἱός	Huios	Seun
Σ	- Σωτήρ	Sofer	Verlosser



R90

R80

ICHTHUS:
"Jesus Christus, God se Seun,
is die Verlosser."



Lig in Duisternis
UITGEWERS

Die apie wat nie kan stilsit nie

Kom saam op 'n vroetelkous se avonture

'n Vrolike, kostelike verhaaltjie
oor **wilskrag** en **groei**.

Nou
beskikbaar
teen slegs
R150

Lig in Duisternis Uitgewers

Ons besondere **BEDERF**
vir 'n ieder en 'n elk ...

Bybelsak

Kies jou ontwerp en kry jou alles-in-een-sak
vir jou Bybel, jou notaboekie én jou pen.

www.liginduisternis.co.za



Lig in Duisternis
UITGEWERS



Lig in Duisternis
UITGEWERS

Een man en een vrouw

Die wêreld se siening van identiteit en
seksualiteit verander daaglik, maar
God se Woord bly dieselfde.

Een man en een vrouw help jou
verstaan wat die Bybel régtig sê.


Nou
beskikbaar
teen slegs
R120





Oor geloofsbelydenis en belydenisskrifte

Pieta Oosthuizen



“Meneer, wat is ’n geloofsbelydenis?” keer die 15-jarige Stefan my voor toe ek in kortpouse haastig na die personeelkamer aanstryk. **“Jong, dis ’n kort opsomming van die hoofwaarhede van die Bybel,”** gryp ek na die eerste en beste antwoord wat by my opkom. Skielik wonder ek hoeveel belydende lidmate die antwoord op hierdie vraag ken, al doen hulle elke Sondag belydenis van **“ons algemene, ontwyfelbare Christelike geloof”**.

Ek kan sien dat my antwoord nie regtig is wat die borselkopseun verwag het nie en probeer verder verduidelik: **“Stefan, om iets te bely, is om openlik voor mense te sê of te getuig waarin jy glo. Ons noem dit ’n geloofsbelydenis en sê dit elke Sondag in die kerk op.”** Dié keer lyk dit of die antwoord die kol getref het, maar Stefan staan nie verniet eerste in sy klas nie.

“Wat is ’n belydenisskrif dan?”

Vandag word my kennis en vermoë om iets te kan oordra, deeglik getoets, dink ek, terwyl ek my woorde agtermekaar probeer kry. **“’n Belydenisskrif is natuurlik nodig om dit waarin ons glo en wat ons bely, op skrif te stel. Op dié manier kan daar nie fout kom wanneer ek en jy ons geloof bely en miskien ’n deel vergeet en per ongeluk uitlaat nie. Dis waarom ons dit neerskryf, vir ons om te onthou, maar ook vir mense om presies te kan sien in Wie ons glo en hoe ons glo. Hierdie dokumente staan as ‘belydenisskrifte’ bekend en word ook gebruik om seker te maak dat predikante en lidmate**

by die korrekte leer van die Bybel bly. Belydenisskrifte ontstaan gewoonlik wanneer daar ’n meningsverskil onder Christene is. Dan moet kerkleiers baie duidelik sê wat die kerk oor hierdie spesifieke saak glo. Byvoorbeeld, is Jesus net die Seun van God of is Hy ook waarlik God?”

“Belydenisskrifte? Is daar dan meer as een?”

“Laat ek net eers vir jou vertel wat die kerk oor hierdie vraag besluit het. Die kerkvaders het gesê dat daar net een God is, maar dat Hy drie Persone is – die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Net oor hierdie vraag het daar sommer drie belydenisskrifte die lig gesien. Die Apostoliese Geloofsbelydenis is die geloofsbelydenis wat ons die meeste Sondae tydens die erediens saam met die dominee in die hart of hardop in ’n koor bely. Dit word ook die Twaalf Artikels genoem.

“Die Geloofsbelydenis van Nicéa is vanjaar 1 700 jaar oud en lê veral klem op die Godheid van Christus. Die Geloofsbelydenis van Athanasius bestaan uit 44

artikels waarvan die eerste deel oor die Drie-eenheid handel en die tweede deel oor die verhouding tussen die Goddelike en menslike natuur van Jesus Christus.

Hierdie drie belydenisskrifte staan as die ekumeniese of algemene geloofsbelydenisse bekend omdat die meeste Christelike kerke met die inhoud saamstem.”

“Is die Drie Formuliere van Eenheid ook belydenisskrifte?”

“Ja, dit is drie belydenisskrifte wat tydens die Hervorming ontstaan het. Jy sal onthou dat Maarten Luther sy 95 stelling teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het om sy besware teen die Rooms-Katolieke Kerk bekend te maak. Die Protestante het geglo dat die Roomse Kerk op ’n dwaalspoor was en het toe weggebreek en Protestantse kerke tot stand gebring. Hierdie kerke het toe sekere belydenisskrifte opgestel as teenvoeter vir die dwaalleringe van die Rooms-Katolieke Kerk. Hulle wou hê die mense moes presies weet waarom hulle weggebreek het en presies

wat hulle geglo het. So het die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls ontstaan.

“Die Bybel is mos die onfeilbare Woord van God. Waarom het ons dan die belydenisskrifte nodig?”

“Jy is heeltemal reg. Die Bybel, as onfeilbare Woord van God, is altyd die hoogste gesag in ons

kerk. Die belydenisskrifte kan nooit die Bybel vervang nie. Dit help ons egter om presies te verduidelik waarin ons glo en wat die Bybel ons leer oor God, oor Christus, oor sy groot genade, oor ons verlossing en nog baie ander sake wat die identiteit van ons kerk bepaal. Sodoende help dit ons om die Bybel as ’n geheel te verstaan en kan ons almal eendragtig in Christus wees.”

“Verstaan jy nou beter?”

“Ek dink so” en met ’n vinnige “dankie Meneer” is hy haastig daar weg.

Liewe Pa en Ma

- Huisgodsdien is julle verantwoordelikheid.
- Moenie bang wees om die belydenisskrifte saam met jul kinders deur te werk nie.
- Saai die saad. God sal laat groei. ☺

HOEKOM STEEDS LEES OOR DIE PURITEINE?

Omdat hul insig in geloof en 'n lewe gewy aan God Drie-enig, vandag nog lewens verander.

Lees *Volg God voluit* en ontdek hoe die Puriteine se toewyding jou geloofslwe onmeetbaar kan verryk.

Nou beskikbaar teen slegs **R250**

Lig in Duisternis
UITGEWERS

ST LUCIA - Vakansiewoonstel te huur

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parking (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.

2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ **R120** • Moulose swart trui @ **R550**
10 en 20 jaar gedenkdas ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709

E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parking • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

Ons leerbeld pas net so goed by 'n boerboelbroekie as by 'n denim

R490

'N GOEIE KOMBINASIE VAN STYL EN GELOOF!

Lig in Duisternis
UITGEWERS



#WELSTAND

Kleuterskool- en naskooldienste deur Ons Plek, asook terapeutiese dienste deur Ons Sentrum is 'n unieke waarde-aanbod van Solidariteit Helpende Hand.

www.helpendehand.co.za/sentrums



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING



**Onafhanklike, Afrikaanse
inhoud in elke huis.**



LUISTER HIER

Luister op DStv-kanaal 887 of op www.pretoriafm.co.za



FOTO: AMY VAN DEVENTER

Ek glo aan een kerk

“Ek glo in een God ...” Só begin die Geloofsbelydenis van Nicéa. “En in een Here Jesus Christus ...” gaan die belydenis voort om ons geloof in Jesus Christus as ons enigste Verlosser te versterk. “En in die Heilige Gees ...” wat ons lewend en heilig maak. Die Geloofsbelydenis van Nicéa is ’n pragtige geskenk van God waarin lieflike waarhede van die Skrif saamgevat word.

Een van hierdie lieflike waarhede het te doen met die kerk. Saam met die belydenis dat ons in die Drie-eenheid glo, bely ons ook in die Geloofsbelydenis van Nicéa ons geloof in: “... een heilige, algemene en apostoliese Kerk.” Hiermee erken ons dat ons aan hierdie kerk van Christus behoort. Nêrens in die Nuwe Testament lees ons van ’n kerklose Christen nie.

Handelinge 2:47 vertel vir ons hoe die Here daaglik mense wat tot bekering gekom het, by die kerk gevoeg het. Deur die doop is hulle in die kerk van Christus ingelyf. Met ander woorde, hulle het lede van sy liggaam geword.

Wat beteken dit om deel van hierdie “een, heilige, algemene en apostoliese Kerk te wees”?

1. ’N HEILIGE KERK

Die Griekse woord vir kerk, *ekklesia*, beteken “samekoms” of “vergadering”. Die kerk is die vergadering van God se kinders waar hulle Hom loof en prys. Dit was die HERE se doel met Israel in die Ou Testament. Israel was die *ekklesia*/vergadering van God. Die HERE wou deur hierdie vergadering sy heilige Naam aan al die volke

bekendmaak. Dit het beteken dat Israel ook self heilig moes wees. “Heilig” beteken “afgesonder vir die Here”. Israel moes die wette van God uitleef, die Naam van God aanbid en mekaar liefhê. Dit is wat dit beteken om heilig te wees.

Deur Israel het die Vader sy eie Seun na hierdie wêreld gestuur om die kerk te verlos. Die kerk is dus 'n vergadering van mense wat God deur sy Woord en Gees geroep het om sy volk te wees (vgl. HK So. 21 v/a 54). Net soos Israel, moet hierdie kerk ook heilig wees.

2. 'N ALGEMENE KERK

Het jy al ooit van die woord “katoliek” gehoor? Miskien is die naam Rooms-Katolieke Kerk meer bekend. “Katoliek” beteken “algemeen”. Die algemene of katolieke kerk is die kerk van Jesus Christus op alle plekke en oor alle tye en onder alle mense. Daar is baie gelowiges orals op die aarde. In China is daar kerke, in Amerika is daar kerke, in Afrika is daar kerke. Duisend jaar gelede was daar kerke en as die aarde vir nog duisend jaar bestaan, sal daar kerke wees. Die kerk van Christus behoort nie net aan een kultuur, of net aan een groep mense nie. Almal wat deur die Heilige Gees geroep is om in Jesus Christus te glo, is deel van die algemene kerk.

Christus is Koning van hierdie “algemene” kerk en ons is sy “vergadering” wat Hom bo alles moet liefhê. Die algemene kerk se grootste en wonderlike werk is die soektog na God se eer, die uitleef van sy wil en soveel meer.

3. 'N APOSTOLIESE KERK


Die HERE het die profete in die Ou Testament gebruik om die volk op die nou weg/pad te lei. In die Nuwe Testament gee die Here die apostels, wat oor- en ooggetuies was van wat Jesus geleer het. Hulle is deur die Gees geïnspireer om alles wat Christus hulle geleer het, aan die kerk oor te dra. Die skat wat hulle aan die kerk gegee het, is die waarheid dat ons in Jesus Christus van die dood en sonde gered is, dat ons 'n woning by die Vader het en dat die Heilige Gees as Trooster ons op die ewige weg lei. Die apostoliese kerk wandel in die voetspore van die apostels.

4. EEN KERK

Een van die mooiste belydenisse wat ons elke Sondag kan bely, is: Ek glo aan een kerk. In hierdie kerk is daar eenheid, want alle gelowiges wat deel is van Jesus Christus, het ook deel aan mekaar. Ons word deur die Heilige Gees saamgebind om die (een) liggaam van Christus te wees. Om een te wees, beteken nie almal moet deel van dieselfde kerk wees nie, maar dat ons eensgesind oor Jesus Christus en die evangelie is.

Groete, ds. Emilé

So het Dawid dan die Filistyn oorweldig
met 'n slinger en 'n klip. (1 Sam. 17:50)





Reuse in die tyd van die Bybel¹



In ons tyd is daar nie meer reuse soos waarvan ons in die Bybel lees nie. Daar is wel mense wat baie lank word. Volgens *Guinness World Records* is die langste man ooit Robert Wadlow, wat 2,72 m lank was. Die langste man wat nog leef, is Sultan Kösen en hy is 2,51 m lank. Die langste vrou wat nog leef, is Rumeysa Gelgi en sy is 2,15 m lank.

In die Bybel lees ons die eerste keer van reuse in Génesis 6:4. Daar staan dat daar in daardie tyd, en ook daarna, reuse op die aarde was. Hulle was sterk manne, helde, en al die mense het van hulle geweet.

DIE ENAKIETE

In Númeri 13 lees ons weer van reuse. Hier gaan dit oor Moses wat 12 verspieters uitstuur om Kanaän, die land wat God aan Abraham en sy nageslag beloof het, te verken. Dit is die land wat die HERE aan die Israëliete gee, die Beloofde Land. Die verspieters moes na baie dinge kyk: Hoe lyk die mense wat daar woon – is hulle sterk of swak, baie of min? Hulle moes ook kyk hoe die land waarin hierdie mense woon, is.

Toe die verspieters terugkeer, sê hulle vir Moses dat dit 'n goeie, vrugbare land is. Hulle het selfs van die vrugte saamgebring. Oor die mense wat daar woon, was 10 van die verspieters glad nie opgewonde

nie. Hulle het gesê dat die mense baie groot en sterk is en dat hierdie “reuse” (hulle word ook Enakiete genoem) hulle soos sprinkantjies laat voel het. Hierdie mense was te sterk en dit sou te gevaarlik wees om Kanaän binne te gaan.



Omdat die Israeliete toegelaat het dat die 10 verspieders hulle bang praat om Kanaän te verower, het God hulle gestraf. Hulle sou vir 40 jaar in die woestyn rondswerf totdat almal wat vir die Kanaäniete bang was en die Beloofde Land nie wou binnegaan nie, gesterf het.

DIE REFAÏETE

In Deuteronómium lees ons van die Refaïete, wat ook as reuse bekendgestaan het. Sihon en Og was twee sulke reusagtige groot konings wat oor die Amoriete regeer het. Deuteronómium 3:11 sê dat Og se ysterbed ongeveer 4 m (9 el) lank, en 1,8 m (4 el) breed was. In die boek Amos lees ons dat die Amoriete so lank soos sederbome en so sterk soos eikebome was. Sederbome kan baie hoog word – tot soveel as 60 m. Dit beteken egter nie dat die Amoriete so vreeslik lank was nie, maar dat hulle wel langer as die gewone mense was.

DIE FILISTYNE

Die Filistyn Góliat is die bekendste reus wat in die Bybel genoem word. Hy was afkomstig van Gat. In die boek Josua lees ons dat Gat een van die plekke was waar die Enakiete ná die tyd van Josua en Moses, oorleef het. In 1 Samuel 17 lees ons dat Góliat se lengte 6 el en 'n span was – amper 3 m volgens ons berekenings.

Skeletoorblyfsels wat uit die Bybelse tydperk herwin is, wys dat die gemiddelde lengte van 'n man effens minder as 1,55 m was en vroue was ook effens korter. Lang mense was ongewoon. Góliat en sy medereuse sou dus enorm gewees het in vergelyking met die gemiddelde lengte van 'n man in die Bybelse tyd. Die gemiddelde lengte in moderne tye is baie langer as gevolg van mense wat langer leef omdat voeding en mediese sorg beter is.

1. J.D. Barry, et. al. (2012, 2016). *Faithlife Study Bible*. Lexham Press.

GEHOORSAAMHEID VAN DIE REGABIETE




Antwoorde

- DWARF


1. Naam van die deurwagter (Jer. 35:4)
6. Verbode drank vir Regabiete (Jer. 35:5)
7. Om gehoorsaam te wees (Jer. 35:10)
10. God het dit aangekondig (Jer. 35:17)
11. Nadergewink, ontbied (Jer. 35:17)
12. Onderrig, voorligting (Jer. 35:15)
13. Vader van Jójakim (Jer. 35:1)
15. Bevel van Jónadab (Jer. 35:14)
17. Huile dra God se boodskap oor (Jer. 35:15)
20. God se dienaars (Jer. 35:15)
21. Opdrag gegee (Jer. 35:18)
22. Terugkeer, reformeer (Jer. 35:15)

AF

1. Familied van Jónadab (Jer. 35:19)
2. Maaseja se vader (Jer. 35:4)
3. Dui op God se teenwoordigheid (Jer. 35:19)
4. Rampe wat Juda gaan tref (Jer. 35:17)
5. Uitlanders, vreemdes (Jer. 35:7)
6. Aangeplante druiewestokke (Jer. 35:7)
8. God se profeet (Jer. 35:1)
9. Stiptelik nagekom (Jer. 35:18)
13. Voorvader van die Regabiëte (Jer. 35:6)
14. 'n Koning van Juda (Jer. 35:1)
16. Permanente steen- of klipstrukture (Jer. 35:9)
18. Jónadab se vader (Jer. 35:16)
19. Wonings van nomadiese mense (Jer. 35:7)



WAAROM IS 'N GESKRIF WAT 1 700 JAAR OUD IS, BELANGRIK?



Ds. Adriaan Bester

Eenduisend sewehonderd jaar gelede, in die jaar 325, was daar 'n man met die naam Arius. Hy was 'n baie gewilde ouderling in die stad Alexandrië in Egipte. Die mense het graag na sy preke en woorde geluister. Ongelukkig het Arius dwaalleer begin verkondig. Dit beteken dat hy dinge geleer het wat nie in die Bybel staan nie. Hy het leuens begin versprei oor wie Jesus is en wat Hy gedoen het. Arius het gesê dat Jesus net 'n mens was en dat Hy nie God is nie. Johannes 1:1 leer dat Jesus in die begin daar was, maar Arius het gesê dat daar 'n tyd was toe Jesus nie bestaan het nie. Dit was vir die kerk 'n baie ernstige leuen. Die kerk het daarom besluit om 'n groot vergadering te hou om oor hierdie leuens en dwalinge van Arius te praat.

In Mei 325 het hierdie groot kerkvergadering of konsilie in die stad Nicéa plaasgevind. Baie predikante en kerkleiers het by hierdie groot vergadering bymekaargekom. Hulle moes besluit wat om met Arius se dwaalleer en leuens te doen sodat dit nie verder versprei nie. Die kerkleiers het koppe bymekaar gesit en gekyk wat die Bybel oor Jesus

Christus sê. Om dit mooi saam te vat, het hulle 'n geloofsbelydenis saamgestel. Dit word die Geloofsbelydenis van Nicéa genoem. 'n Geloofsbelydenis/belydenisskrif is 'n kernagtige of kort opsomming van wat die Bybel leer en wat die kerk glo en bely. Die oudste geloofsbelydenis van die kerk is die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat ook die Twaalf Artikels genoem word. Dit is die een wat die dominee die meeste op Sondae voorlees. Later in die geskiedenis is die Belydenis van Athanasius ook opgestel.

WAAROM IS DIE GELOOFSBELYDENIS VAN NICÉA BELANGRIK?

Waar die Apostoliese Geloofsbelydenis 'n kernagtige opsomming van die Bybel gee, gee die Geloofsbelydenis van Nicéa 'n meer volledige samevatting van die belangrike punte.

Nicéa leer die kerk dat God 'n Drie-Eenheid is – een God in drie Persone. Die Vader is God. Jesus Christus, die Seun, is God. Die Heilige Gees is God. Dit is iets wat moeilik is om te verduidelik of te verstaan, maar dit is wat die Bybel leer en dit is wat ons glo. Die Belydenis van Nicéa sê dat Jesus Christus saam met die Vader en die Heilige Gees ook volkome God is. Hy is nie deur God die Vader geskape of gemaak nie, maar bestaan van alle ewigheid af saam met God die Vader en die Heilige Gees. Nicéa sê: “Hy is gebore uit die Vader voor alle eeue; God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, gebore, nie gemaak nie, van dieselfde wese met die Vader, deur wie alle dinge gemaak is.”

WAAROM HET ONS BELYDENISSKRIFTE?

Is dit nie genoeg om net die Bybel te hê nie? Die Bybel is natuurlik vir ons die heel belangrikste boek, want dit is die Woord van God. Ons meet alles aan die waarheid van die Bybel. Die geloofsbelydenisse kry hul gesag by die Bybel, want die geloofsbelydenis mag niks anders sê as dit wat in die Bybel staan nie. 'n Geloofsbelydenis is maar net 'n opsomming van dit wat die Bybel leer en sulke opsommings is baie nuttig en waardevol vir die kerk. Dit help ons om nie van die waarhede van die Bybel af te dwaal nie.

Vir die afgelope 1 700 jaar bely Christene regoor die wêreld in die woorde van Nicéa wat ons oor Jesus Christus glo. Ons is dankbaar vir so 'n belydenis wat vandag nog vir ons nuttig is om ons geloof te bely.